I, Eugéne van Wyk, being the authorized agent of the owner of the Remainder of Portion 1 and the Remainder of Erf 56, Sandhurst, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Sandton Town Council for the amendment of the town-planning scheme known as Sandton Town-planning Scheme 1980, by the rezoning of the property described above, situated east of and adjacent to Rivonia Road, north of Chislehurston and west of Wierda Road West, from "Business 4" with a FSR of 0,55 and a height of 2 storeys to "Business 4" with a RSR of 0,6 and a height of 3 storeys and the use of the house (550 m^2) for staff education, recreation and canteen purposes for employees only.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room 206, B Block, Civic Centre, cnr West Sreeet and Rivonia Road, Sandton for the period of 28 days from 13 February 1991.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 78001, Sandton 2146 within a period of 28 days from 13 February 1991.

Address of agent: Van Wyk and Van Aardt, P.O. Box 4731, Pretoria 0001. 729 Frederika Street, Rietfontein 0084.

KENNISGEWNG 392 VAN 1991

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ek, Hendrik Abraham van Aswegen, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Hoewe 46, Roods Gardens Landbouhoewes, gee hiermee ingevolge Artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Vereeniging Stadsraad aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as die Vereeniging-dorpsbeplanningskema 1 van 1956 deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë aan Anton Stegmanstraat, Roods Gardens Landbouhoewegebied van "landbou" na "opvoeding".

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Vereeniging Stadsraadkantore, Beaconsfieldslaan vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 35, Vereeniging 1930 ingedien of gerig word.

Adres van eienaar: p/a Van Aswegen Stadsbeplanners, Posbus 588, Vereeniging 1930.

13—20

KENNISGEWNG 393 VAN 1991

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

WYSIGINGSKEMA

Ek, Eugéne van Wyk, synde die gemagtigde agent van die eienaar van die Restant van Gedeelte 1 en die Restant van Erf 56 Sandhurst, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Sandton aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanninskema bekend as die Sandton-dorpsbeplanningskema 1980, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë oos van en aangrensend aan Rivoniaweg, noord van Chislehurston en wes van Wierdaweg Wes vanaf "Besigheid 4" met 'n VRV van 0,55 en hoogte van 2 verdiepings tot "Besigheid 4" met 'n VRV van 0,6 en hoogte van 3 verdiepings en dat die bestaande woonhuis (550 m^2) vir personeel onderrig, ontspanning en kantiendoeleindes vir werknemers alleen gebruik mag word.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 206, B Blok, Burgersentrum, h/v Weststraat en Rivoniaweg, Sandton vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 78001, Sandton 2146 ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: Van Wyk en Van Aardt, Posbus 4731, Pretoria 0001. Frederikastraat 729, Rietfontein 0084.

13—20

NOTICE 394 OF 1991

SCHEDLE 8

(Regulation 11(2))

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

SANDTON AMENDMENT SCHEME 1631

We, Van der Schyff, Baylis, Gericke and Druce, being the authorised agents of the owner of Erven 89, 95 and 98 Marlboro, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that we have applied to the Sandton Town Council for the amendment of the town-planning scheme known as Sandton Town-planning Scheme, 1980 for the rezoning of the property described above, situated in Olympia, Virginia and Caroline Streets, from Residential 1 to Commercial subject to new conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room 206, "B" Block, Civic Centre, Sandton, for a period of 28 days from 13 February 1991 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Director of Planning at the above address or at PO Box 78001, Sandton 2146 within a period of 28 days from 13 February 1991.

Address of owner: c/o Van der Schyff, Baylis, Gericke and Druce, PO Box 1914, Rivonia 2128.

NOTICE 395 OF 1991

SCHEDULE 8

(Regulation 11(2))

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME

We, Van der Schyff, Baylis, Gericke and Druce, being the authorised agents of Erf 265 Moffat View Extension 3, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that we have applied to the Johannesburg City Council for the amendment of the town-planning scheme known as Johanesburg Town-planning Scheme, 1979 for the rezoning of the property described above, being situated in Henderson Road, Moffat View Extension 3 from Business 1 with a floor area of 13 500 m^2, coverage of 50 % subject to conditions to Business 1 with a FAR of 0,4 coverage of 50 % subject to new conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Director of Planning, Room 706, 7th Floor, Civic Centre, Braamfontein, for a

KENNISGEWING 394 VAN 1991

BYLAE 8

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

SANDTON-WYSIGINGSKEMA 1631

Ons, Van der Schyff, Baylis, Gericke en Druce, synde die gemagtigde agente van die eienaar van Erwe 89, 95 en 98 Marlboro, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ons by die Sandton Stadsraad aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Sandton-dorpsbeplanningskema 1980 deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë in Olympia, Virginia en Carolinastrate, vanaf Residensieel 1 tot Kommersieel onderworpe aan voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 206, "B" Blok, Burgersentrum, Sandton vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 78001, Sandton 2146, ingedien of gerig word.

Adres van eienaar: p/a Van der Schyff, Baylis, Gericke en Druce, Posbus 1914, Rivonia 2128.

13—20

KENNISGEWING 395 VAN 1991

BYLAE 8

Regulasie 11(2))

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA

Ons, Van der Schyff, Baylis, Gericke en Druce, synde die gemagtigde agente van die eienaar van Erf 265 Moffat View Uitbreiding 3, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ons by die Grootstadsraad van Johannesburg aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Johannesburg-dorpsbeplanningskema 1979 deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, wat geleë is in Hendersonweg, Moffat View Uitbreiding 3 vanaf Besigheid 1 met 'n vloeroppervlakte van 13 500 m^2 en 'n dekking van 30 %, onderworpe aan voorwaardes tot Besigheid 1 met 'n VRV van 0,4, dekking van 50 % onderworpe aan nuwe voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur van Beplanning, Kamer 706, Burgersentrum, Johannesburg vir 'n

period of 28 days from 13 February 1991 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Director of Planning at the above address or at PO Box 30733, Braamfontein 2017 within a period of 28 days from 13 February 1991.

Address of owner: c/o Van der Schyff, Baylis, Gericke and Druce, PO Box 1914, Rivonia 2128.

NOTICE 396 OF 1991

SANDTON AMENDMENT SCHEME 1683

I, Danie Hoffmann Booysen, being the authorized agent of the owners of the Remainder of Erf 171, Portion 2 of Erf 172 and the Remainder of Erf 172, Edenburg, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Sandton Town Council for the amendment of the town-planning scheme known as Sandton Town-planning Scheme, 1980 by the rezoning of the properties described above, bordered by Homestead Road, Twelfth Avenue and Rietfontein Road, from "Business 4" subject to certan conditions to "Business 4" subject to alternative conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room B206, Sandton Civic Centre, Rivonia Road, Sandton for the period of 28 days from 13 February 1991.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at PO Box 78001, Sandton 2146, within a period of 28 days from 13 February 1991.

Address of owners: c/o Vlietstra and Booysen, 111 Infotech Building, 1090 Arcadia Street, Hatfield 0083.

NOTICE 397 OF 1991

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

NOTICE OF DRAFT SCHEME

I, C Grobbelaar of the firm Metroplan Town and Regional Planners, being the authorised agent of the Town Council of Klerksdorp, hereby give notice in terms of section 28(1)(a), read with section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Klerksdorp Amendment Scheme 322, has been prepared.

This Scheme is an amendment of the Klerksdorp Town-planning Scheme, 1980, and contains the rezoning of the following erven, closed parks and closed street portions in Uraniaville Industrial Township, Klerksdorp, viz:

(i) Portion of Erf 243 and Mercury Road from inter alia "Public Open Space" and "Public Road" to "Special" for the purpose of a Hospital, Clinic and purposes incidental thereto.

(ii) Erf 52 and portions of Erven 53, 54, Re/244, 243, Mercury and Meteor Road from "Public Open Space", "Public Road" and "Business 1" to "Special" for the purposes of shops, businesses and public garage.

tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991 skriftelik by of tot die Direkteur van Beplanning by bovermelde adres of by Posbus 30733, Braamfontein 2017, ingedien of gerig word.

Adres van eienaar: p/a Van der Schyff, Baylis, Gericke en Druce, Posbus 1914, Rivonia 2128.

13—20

KENNISGEWING 396 VAN 1991

SANDTON-WYSIGINGSKEMA 1683

Ek, Danie Hoffmann Booysen, synde die gemagtigde agent van die eienaars van die Restant van Erf 171, Gedeelte 2 van Erf 172 en die Restant van Erf 172, Edenburg, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Sandton aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Sandton-dorpsbeplanningskema, 1980 deur die hersonering van die eiendomme hierbo beskryf, begrens deur Homesteadweg, Twaalfdelaan en Rietfonteinweg van "Besigheid 4" onderworpe aan sekere voorwaardes tot "Besigheid 4" onderworpe aan alternatiewe voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer B206, Sandton Burgersentrum, Rivoniaweg, Sandton vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 13 Februarie 1991 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 78001, Sandton 2146, ingedien of gerig word.

Adres van eienaars: p/a Vlietstra en Booysen, Infotechgebou 111, Arcadiastraat 1090, Hatfield 0083.

13—20

KENNISGEWING 397 VAN 1991

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Ek, C Grobbelaar, van die firma Metroplan Stads- en Streekbeplanners, synde die gemagtigde agent van die Stadsraad van Klerksdorp, gee hiermee ingevolge artikel 28(1)(a), gelees met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpdorpsbeplanningskema bekend te staan as Klerksdorp-wysigingskema 322, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysiging van Klerksdorp-dorpsbeplanningskema 1980, en behels die hersonering van die volgende erwe, geslote parke en geslote straatgedeeltes in Uraniaville Nywerheidsgebied, Klerksdorp, naamlik:

(i) Gedeeltes van Erf 243 en Mercuryweg vanaf onder andere "Openbare Oopruimte" en "Openbare Pad" na "Spesiaal" vir die doeleindes van 'n hospitaal, kliniek en doeliendes in verband daarmee.

(ii) Erf 52 en gedeeltes van Erwe 53, 54, Re/244, 243, Mercury- en Meteorweg vanaf onder andere "Besigheid 1", "Openbare Oopruimte" en "Openbare Pad" na "Spesiaal" vir die doeleindes van winkels, besighede en openbare garage.

(iii) Erven 55, 56, 57, 245 and portions of Erf 54, 53 and Re/244 from "Business 1" and "Public Open Space" to "Public Road".

The draft scheme is open for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room 109, Municipal Offices, Civic Centre, Klerksdorp, for a period of 28 days from 15 February 1991.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged in writing with the Town Clerk at the above office or posted to him at P O Box 99, Klerksdorp, 2570, within a period of 28 days from 15 February 1991.

Address of authorised agent: Metroplan Town and Regional Planners, P O Box 10681, Klerksdorp, 2570, Tel. (018) 2 1756/7/9

NOTICE 398 OF 1991

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

KLERKSDORP AMENDMENT SCHEME 323

I, C Grobbelaar, of the firm Metroplan Town and Regional Planners, being the authorised agent of the owner of Portion 1 of Erf 244, Uraniaville Industrial Area, Klerksdorp, herby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Klerksdorp Town Council for the amendment of the town-planning scheme known as Klerksdorp Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of the property described above, from "Government" to "Special" for the purposes of shops, businesses and public garage.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room 109, Municipal Offices, Civic Centre, Klerksdorp, for the period of 28 days from 15 February 1991.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or posted to him at P O Box 99, Klerksdorp, 2570, within a period of 28 days from 15 February 1991.

Address of authorised agent: Metroplan Town and Regional Planners, P O Box 10681, Klerksdorp, 2570, Tel. (018) 2 1756/7/9.

NOTICE 399 OF 1991

SCHEDULE A

(Regulation 2(1))

CONVERSION OF CERTAIN RIGHTS TO LEASEHOLD ACT 1988 (ACT NO. 81 OF 1988)

Notice of inquiry to determine who shall be declared to have been granted a right of leasehold under Section 2(1), of Conversion of Certain Rights to Leasehold Act 1988 (Act No. 81 of 1988), I, the Director General: Transvaal Provin-

(iii) Erf 55, 56, 57, 245 en gedeeltes van Erwe 54, 53 en Re/244 vanaf onder andere "Besigheid 1" en "Openbare Oopruimte" na "Openbare Pad".

Die ontwerpskema lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 109, Munisipale Kantore, Burgersentrum, Klerksdorp, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Februarie 1991, ter insae.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Februarie 1991 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Klerksdorp Stadsraad, Posbus 99, Klerksdorp, 2570, ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: Metroplan Stads- en Streekbeplanners, Posbus 10681, Klerksdorp, 2570, Tel. (018) 2 1756/7/9.

13—20

KENNISGEWING 398 VAN 1991

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

KLERKSDORP-WYSIGINGSKEMA 323

Ek, C Grobbelaar, van die firma Metroplan Stads- en Streekbeplanners, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Gedeelte 1 van Erf 244, Uraniaville Industriële Gebied, Klerksdorp, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Klerksdorp Stadsraad aansoek gedoen het om die wysiging van die Klerksdorp-dorpsbeplanningskema, 1980, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, vanaf "Regering" na "Spesiaal" vir die doeleindes van winkels, besighede en openbare garage.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 109, Munisipale Kantoor, Klerksdorp, 2570, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Februarie 1991.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Februarie 1991, skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 99, Klerksdorp, 2570, ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: Metroplan Stads- en Streekbeplanners, Posbus 10681, Klerksdorp, 2570, Tel. (018) 2 1756/7/9.

13—20

KENNISGEWING 399 VAN 1991

BYLAE A

(REGULASIE 2(1))

WET OP DIE OMSETTING VAN SEKERE REGTE IN HUURPAG, 1988 (WET NO. 81 VAN 1988)

Kennisgewing van ondersoek ter bepaling wie verklaar staan te word 'n reg van huurpag verleen te gewees het.

Kragtens Artikel 2(1) van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988 (Wet No. 81 van 1988) is ek die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, voornemens om 'n ondersoek in te stel met betrekking

cial Administration, intend to conduct an inquiry in respect of an affected site, as defined in the Act, to determine who shall be declared to have been granted a right of leasehold with regard to that site.

In terms of Regulation 2 of the regulations made under Section 9 of the Act, I hereby give notice that, at the place specified herein:

(a) The person mentioned herein, who appears from the records of (name of the local authority concerned) to be the occupier of the affected site described opposite his name, is called upon to appear on the date specified herein to give evidence with regard to his rights in respect of that site, and to bring with him the site permit, certificate, trading-site permit or similar permit relating to that site;

(b) Any other person planning to be the holder of rights in respect of that site, including a party to any agreement or transaction in respect of the site, any heir or legatee and any judgement creditor or purchaser, is called upon to give evidence with regard to his rights and to produce all documentary and other evidence in support thereof; and

(c) Any person who wishes to lodge objections or make representations is called upon to be present for that purpose.

Place of Inquiry: 80 Albert Street, Johannesburg, Township Chiawelo Extension 1.

Site	Period of inquiry	Recorded holder of permit or certificate in respect of affected site
1489	25.2.91	Alpheus Mushome
1492A	25.2.91	Hosiah Magidi
1495A	25.2.91	Martha Msisinyane
1497A	25.2.91	Ernest Sambo
1500A	25.2.91	Sheila E. Ndima
1509B	25.2.91	Simon Bilankulu
1514A	25.2.91	William Sithole
1548B	25.2.91	Sam Mashele
1563B	25.2.91	Jan Baloyi
1564A	25.2.91	Elias Ngobeni
1565B	25.2.91	Abel Rangana
1572A	25.2.91	George Baloyi
1580A	25.2.91	Mack Thimbe
1595A	25.2.91	Thomas Baloyi
1630A	25.2.91	Elizabeth Mokatsi
1636A	25.2.91	Josephine Ndhlovu
1637A	25.2.91	Thomas Baloyi
1643B	25.2.91	Peter Tshingwala
1650A	25.2.91	George Nkuna
1659A	25.2.91	Prisca Mashele
1672B	26.2.91	Dorah Manda
1682A	26.2.91	Donald Mukokie
1685B	26.2.91	Anthony Ndimande
1687A	26.2.91	John Mabaso
1687B	26.2.91	Ephraim Bilankulu
1697B	26.2.91	Thomas Makhubela
147	26.2.91	Alpheus Mngomezulu
168	26.2.91	Bernice Ndlovu
175	26.2.91	Frans Matshaba
319	26.2.91	Olga Singo
461	26.2.91	Citrus Tafila
483	26.2.91	Nathaniel Golele
646	26.2.91	Priscilla Shibambo
768	26.2.91	David Netshidohulu
790	26.2.91	Maria Foster

tot 'n geaffekteerde perseel soos in die Wet omskryf ten einde vas te stel wie verklaar staan te word 'n reg van huurpag verleen te gewees het met betrekking tot daardie perseel.

Ingevolge regulasie 2 van die Regulasies kragtens artikel 9 van die Wet uitgevaardig, gee ek hierby kennis dat; op die plek hierin vermeld:

(a) die persoon hierin genoem wat volgens die aantekeninge van (naam van die betrokke plaaslike owerheid) die okkupeerder blyk te wees van die geaffekteerde perseel naas sy naam omskryf, aangesê word om te verskyn op 'n datum hierin gespesifiseer om getuienis te lewer ten opsigte van sy regte met betrekking tot daardie perseel en om met hom saam te bring die perseelpermit, sertifikaat, handelsperseelpermit of soortgelyke permit wat betrekking het op daardie perseel;

(b) 'n ander persoon wat daarop aanspraak maak die houer van regte met betrekking tot die betrokke perseel te wees met inbegrip van 'n party tot enige ooreenkoms of transaksie ten opsigte van die perseel, 'n erfgenaam of legataris en 'n vonnisskuldeiser of koper aangesê word om getuienis te lewer ten opsigte van sy regte en om alle dokumentêre en ander getuienis voor te lê ter stawing daarvan; en

(c) 'n persoon wat besware wil indien of vertoë wil rig aangesê word om teenwoordig te wees vir daardie doel.

Plek van ondersoek: Albertstraat 80, Johannesburg.

Tyd: 08:00.

Dorpsgebied: Chiawelo

Perseel	Tydperk van ondersoek	Aangetekende houer van permit of sertifikaat ten opsigte van geaffekteerde perseel
1489	25.2.91	Alpheus Mushome
1492A	25.2.91	Hosiah Magidi
1495A	25.2.91	Martha Msisinyane
1497A	25.2.91	Ernest Sambo
1500A	25.2.91	Sheila E. Ndima
1509B	25.2.91	Simon Bilankulu
1514A	25.2.91	William Sithole
1548B	25.2.91	Sam Mashele
1563B	25.2.91	Jan Baloyi
1564A	25.2.91	Elias Ngobeni
1565B	25.2.91	Abel Rangana
1572A	25.2.91	George Baloyi
1580A	25.2.91	Mack Thimbe
1595A	25.2.91	Thomas Baloyi
1630A	25.2.91	Elizabeth Mokatsi
1636A	25.2.91	Josephine Ndhlovu
1637A	25.2.91	Thomas Baloyi
1643B	25.2.91	Peter Tshingwala
1650A	25.2.91	George Nkuna
1659A	25.2.91	Prisca Mashele
1672B	26.2.91	Dorah Manda
1682A	26.2.91	Donald Mukokie
1685B	26.2.91	Anthony Ndimande
1687A	26.2.91	John Mabaso
1687B	26.2.91	Ephraim Bilankulu
1697B	26.2.91	Thomas Makhubela
147	26.2.91	Alpheus Mngomezulu
168	26.2.91	Bernice Ndlovu
175	26.2.91	Frans Matshaba
319	26.2.91	Olga Singo
461	26.2.91	Citrus Tafila
483	26.2.91	Nathaniel Golele
646	26.2.91	Priscilla Shibambo
768	26.2.91	David Netshidohulu
790	26.2.91	Maria Foster

951	26.2.91	Jackson Rambawane
26	26.2.91	Joel Baloyi
159	26.2.91	David Mamuremi
163	26.2.91	Ben Mahlangu
173	26.2.91	Gladys Macheke
227	27.2.91	William Josiah Mabunga
400	27.2.91	Piet Mashabela
414	27.2.91	Ellina Mathiba
417	27.2.91	Elizabeth Ndobe
425	27.2.91	Mary Nyarende
445	27.2.91	Poppie Singo
448	27.2.91	Betty Nyathi
449	27.2.91	Frans Madilonga
451	27.2.91	Joel Bengeni
461	27.2.91	Citrus Tafila
479	27.2.91	John Hlongwane
495	27.2.91	Josias Maphangwe
518	27.2.91	Julius Masakona
655	27.2.91	Albert Ramasunga
721	27.2.91	William Macheke
736	27.2.91	Dolthorn Shabane
802	27.2.91	Joe Mazibuko
1003	27.2.91	Peter Khoza
1004	27.2.91	Annie Mabunda
1023	27.2.91	Ephraim Mabunda
1038	28.2.91	Rahaba-Mlaudzi
1046	28.2.91	Nelson Madlazi
1053	28.2.91	Leonard Ngatsane
1063	28.2.91	Marth Mnisi
1065	28.2.91	Frida Mbayela
1092	28.2.91	Margaret Ncube
1125	28.2.91	Eldah Mthuki
1160	28.2.91	Lydia Mhlanga
1173	28.2.91	Joe Ngobeni
1186	28.2.91	Peter Ramoba
1188	28.2.91	Daniel Sithole
1311	28.2.91	Andrew Mulaudzi
1314	28.2.91	Gladys Kekane
1509A	28.2.91	Just-Now Banda
1677	28.2.91	Thomas Ngobeni
152	28.2.91	Samson Nemutandani
367	28.2.91	Frans Nepfumbata
369	28.2.91	Petrus Phungo
370	28.2.91	Simon Bilankulu
534	28.2.91	Daniel Chauke
535	1.3.91	Josias Maphangwe
536	1.3.91	Lydia Khanye
138	1.3.91	Wilson Mudau
739	1.3.91	Frans Shabani
740	1.3.91	David Netshidaulo
943	1.3.91	Johannes Dube
945	1.3.91	Edward Ramashia
946	1.3.91	Josias Maphangwe
1094	1.3.91	Solomon Nethononda
1095	1.3.91	Frida Mbayela
1096	1.3.91	Samson Lubengo
1097	1.3.91	Edward Nemkulu
1336	1.3.91	Emily Chauke
1336A	1.3.91	Andries Nengovhela
1432	1.3.91	Washington Mulaudzi
1434	1.3.91	Maria Mnisi
1436	1.3.91	Simon Bilankulu
1437	1.3.91	Enos Chauke
1430	1.3.91	Andrew Chautsane
1444	1.3.91	Andrew Chautsane

Director General
Transvaal Provincial Administration

13 February 1991

951	26.2.91	Jackson Rambawane
26	26.2.91	Joel Baloyi
159	26.2.91	David Mamuremi
163	26.2.91	Ben Mahlangu
173	26.2.91	Gladys Macheke
227	27.2.91	William Josiah Mabunga
400	27.2.91	Piet Moshabela
414	27.2.91	Ellina Mathiba
417	27.2.91	Elizabeth Ndobe
425	27.2.91	Mary Nyarende
445	27.2.91	Poppie Singo
448	27.2.91	Betty Nyathi
449	27.2.91	Frans Madilonga
451	27.2.91	Joel Bengeni
461	27.2.91	Citrus Tafila
479	27.2.91	John Hlongwane
495	27.2.91	Josias Maphangwe
518	27.2.91	Julius Masakona
655	27.2.91	Albert Ramasunga
721	27.2.91	William Macheke
736	27.2.91	Dolthorn Shabane
802	27.2.91	Joe Mazibuko
1003	27.2.91	Peter Khoza
1004	27.2.91	Annie Mabunda
1023	27.2.91	Ephraim Mabunda
1038	28.2.91	Rahaba-Mlaudzi
1046	28.2.91	Nelson Madlazi
1053	28.2.91	Leonard Ngatsane
1063	28.2.91	Marth Mnisi
1065	28.2.91	Frida Mbayela
1092	28.2.91	Margaret Ncube
1125	28.2.91	Eldah Mthuki
1160	28.2.91	Lydia Mhlanga
1173	28.2.91	Joe Ngobeni
1186	28.2.91	Peter Ramoba
1188	28.2.91	Daniel Sithole
1311	28.2.91	Andrew Mulaudzi
1314	28.2.91	Gladys Kekane
1509A	28.2.91	Just-Now Banda
1677	28.2.91	Thomas Ngobeni
152	28.2.91	Samson Nemutandani
367	28.2.91	Frans Nepfumbata
369	28.2.91	Petrus Phungo
370	28.2.91	Simon Bilankulu
534	28.2.91	Daniel Chauke
535	1.3.91	Josias Maphangwe
536	1.3.91	Lydia Khanye
138	1.3.91	Wilson Mudau
739	1.3.91	Frans Shabani
740	1.3.91	David Netshidaulo
943	1.3.91	Johannes Dube
945	1.3.91	Edward Ramashia
946	1.3.91	Josias Maphangwe
1094	1.3.91	Solomon Nethononda
1095	1.3.91	Frida Mbayela
1096	1.3.91	Samson Lubengo
1097	1.3.91	Edward Nemkulu
1336	1.3.91	Emily Chauke
1336A	1.3.91	Andries Nengovhela
1432	1.3.91	Washington Mulaudzi
1434	1.3.91	Maria Mnisi
1436	1.3.91	Simon Bilankulu
1437	1.3.91	Enos Chauke
1430	1.3.91	Andrew Chautsane
1444	1.3.91	Andrew Chautsane

Direkteur-generaal
Transvaalse Provinsiale Administrasie

13 Februarie 1991

Notices by Local Authorities

Plaaslike Bestuurskennisgewings

LOCAL AUTHORITY NOTICE 400

TOWN COUNCIL OF BENONI

PROCLAMATION OF A ROAD OVER THE REMAINDER OF PORTION 8, THE REMAINDER OF PORTION 27, AS WELL AS PORTIONS 30, 48 AND 51 OF THE FARM RIETPAN 66 IR, DISTRICT OF BENONI

Notice is hereby given in terms of Section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904 (Ordinance 44 of 1904), that the Town Council of Benoni has, in terms of Section 4 of the said Ordinance, petitioned the Minister of the Budget and Local Government, Administration: House of Assembly to proclaim a road, described in the schedule hereto, for public road purposes.

A copy of the petition and of the diagram attached thereto may be inspected during ordinary office hours in the office of the Town Secretary, Administrative Building, Municipal Offices, Elston Avenue, Benoni.

Any interested person who is desirous of lodging an objection to the proclamation of the road in question, must lodge such objection in writing in duplicate with the Director-General, Transvaal Provincial Administration, Community Development Branch, Private Bag X437, Pretoria 0001 and the Town Clerk on or before 15 March 1991.

D P CONRADIE
Town Clerk

Municipal Offices
Administrative Building
Elston Avenue
Benoni
1501
30 January 1991
Notice No 8/1991

SCHEDULE

POINT-TO-POINT DESCRIPTION

A road of varying width between 16 and 76 metres, over the Remainder of Portion 8, the Remainder of Portion 27, as well as Portions 30, 48 and 51 of the farm Rietpan 66 IR. Commencing at points A and R on the western boundary of Provincial Road P40-1, the road runs in a westerley direction for approximately 105 metres to points K and E; then in a southerly direction towards and along the common boundary between the Remainder of Portion 8 and Portion 48 of the farm Rietpan 66 IR for a distance of approximately 275 metres, to meet the north-eastern boundary of Beryl Street at the points U and X, all as more fully shown by the letters ABNRPQCDEFGWXTUVHJKLM on approved diagram SG No. A4374/90.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 400

STADSRAAD VAN BENONI

PROKLAMASIE VAN 'N PAD OOR DIE RESTANT VAN GEDEELTE 8, DIE RESTANT VAN GEDEELTE 27, ASOOK GEDEELTES 30, 48 EN 51 VAN DIE PLAAS RIETPAN 66 IR, DISTRIK VAN BENONI

Kennis geskied hiermee, ingevolge die bepalings van artikel 5 van die "Local Authorities Roads Ordinance, 1904" (Ordonnansie 44 van 1904), dat die Stadsraad van Benoni, ingevolge die bepalings van artikel 4 van die genoemde Ordonnansie, 'n versoekskrif tot die Minister van Begroting en Plaaslike Bestuur, Administrasie: Volksraad gerig het om 'n sekere pad soos in die meegaande skedule omskryf, vir openbare paddoeleindes te proklameer.

'n Afskrif van die versoekskrif en die diagram wat daarby aangeheg is, lê gedurende gewone kantoorure in die kantoor van die Stadsekretaris, Administratiewe Gebou, Munisipale Kantore, Elstonlaan, Benoni ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen die proklamasie van die betrokke pad moet sodanige beswaar skriftelik, in duplikaat, voor of op 15 Maart 1991 by die Direkteur-Generaal, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Tak Gemeenskapsontwikkeling, Privaatsak X437, Pretoria 0001 en die Stadsklerk indien.

D P CONRADIE
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Administratiewe Gebou
Elstonlaan
Benoni
1501
30 Januarie 1991
Kennisgewing Nr. 8/1991

SKEDULE

PUNT-TOT-PUNT BESKRYWING

'n Padgedeelte met wisselende wydte tussen 16 en 76 meter, oor die Restant van Gedeelte 8, die Restant van Gedeelte 27, asook Gedeeltes 30, 48 en 51 van die plaas Rietpan 66 IR. Beginnende by punte A en R op die westelike grens van Provinsiale Pad P40-1, strek die pad in 'n westelike rigting vir ongeveer 105 meter tot by punte K en E; dan in 'n suidelike rigting na en langs die gemeenskaplike grens tussen die Restant van Gedeelte 8 en Gedeelte 48 van die plaas Rietpan 66 IR vir 'n afstand van ongeveer 275 meter, om aan te sluit by die noordoostelike grens van Berylstraat by punte U en X, alles soos meer volledig aangedui deur die letters ABNRPQCDEFGWXTUVHJKLM op goedgekeurde diagram LG Nr. A4374/90.

30—6—13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 472

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP

The Town Council of Brakpan, hereby gives notice in terms of Section 69(6)(a) of the Townplanning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application has been received to establish a township Platinum Park consisting of the following erven on Holding 80, Withok Estates Agricultural Holdings and Holding 81, Withok Estates Small Holdings:

Commercial 3: 5, special for Commercial or Residential purposes as will be determined from time to time by the Council: 1.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room 15, Kingsway Avenue, Brakpan for a period of 28 days from 6 February 1991.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Town Clerk at the above address or at Private Bag X22, Brakpan 1540 within a period of 28 days from 6 February 1991.

M J HUMAN
Town Clerk

Town Hall
Brakpan
Notice No. 6/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 472

STADSRAAD VAN BRAKPAN

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stadsraad van Brakpan gee hiermee ingevolge Artikel 69(6)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om 'n dorp Platinum Park bestaande uit die volgende erwe op Hoewe 80, Withok Estates Agricultural Holdings en Hoewe 81, Withok Estates Small Holdings te stig deur hom ontvang is:

Kommersieel 3: 5, spesiaal vir Kommersieel of Residensieel soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal: 1.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 15, Kingswaylaan, Brakpan vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 Februarie 1991.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 Februarie 1991 skriftelik en in tweevoud by of tot die Stadsekretaris by bovermelde adres of by die kantoor van die Stadsklerk, Privaatsak X22, Brakpan 1540 ingedien of gerig word.

M J HUMAN
Stadsklerk

Stadshuis
Brakpan
Kennisgewing No. 6/1991

6—13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 501

TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG TRANSVAAL

PROPOSED PERMANENT CLOSING AND ALIENATION OF PARKERF 1873

Notice is hereby given in terms of Section 68, read with Section 67 of the Local Government Ordinance No 17 of 1939, as amended, that the Town Council of Middelburg intends to close Parkerf 1873, Middelburg Extension 4, approximately 1,5585 ha., bounded by Hendrik Potgieter Street, Springbok Avenue and Steelcrest High School, and to alienate the park in terms of the provisions of section 79(18) of the said Ordinance, to the Republic of South Africa (Portion 1 of Erf 1873) and Steelcrest High School (the Remainder of Erf 1873).

Particulars of the proposed closing and alienation are open for inspection at the office of the Town Secretary, Municipal Building, Wanderers Avenue, Middelburg, for a period of sixty days from the date of the first publication of this notice in the Provincial Gazette, that is 6 February 1991.

Any person who has any objection or representation in respect of the proposed closing and alienation must lodge his objection or representation with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at PO Box 14, Middelburg 1050, on or before 8 April 1991.

P.F. COLIN
Town Clerk

Municipal Building
Wanderers Avenue
Middelburg
1050

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 501

STADSRAAD VAN MIDDELBURG TRANSVAAL

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING EN VERVREEMDING VAN PARKERF 1873

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 68 gelees met Artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur No 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Middelburg van voorneme is om Parkerf 1873, Middelburg Uitbreiding 4, groot ongeveer 1,5585 ha., begrens deur Hendrik Potgieterstraat, Springboklaan en Steelcrest Hoërskool te sluit, en ingevolge die bepalings van Artikel 79(18) van gemelde Ordonnansie die park te vervreem aan die Republiek van Suid-Afrika (Gedeelte 1 van Erf 1873) en Steelcrest Hoërskool (Restant van Erf 1873).

Besonderhede van die voorgestelde sluiting en vervreemding lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Gebou, Wandererslaan, Middelburg vir 'n tydperk van sestig dae vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, naamlik 6 Februarie 1991.

Enige persoon wat beswaar of vertoë ten opsigte van die voorgestelde sluiting en vervreemding wil aanteken, moet sy beswaar of vertoë skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 14, Middelburg 1050 indien of rig voor of op 8 April 1991.

P.F. COLIN
Stadsklerk

Munisipale Gebou
Wandererslaan
Middelburg
1050

6—13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 502

TOWN COUNCIL OF MIDRAND

PROPOSED PERMANENT CLOSURE AND ALIENATION OF ROAD SPLAYS ADJACENT TO HOLDING 6, GLENFERNESS AGRICULTURAL HOLDINGS

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 67, read with Section 79(18) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, that it is the intention of the Town Council of Midrand to permanently close and alienate road splays measuring approximately 38 m^2 and 16 m^2 respectively, consisting of portions of Macinnes and Mull Roads and portions of Mackenzie and Macinnes Road respectively adjacent to Holding 6, Glenferness Agricultural Holdings.

A sketch plan indicating the situation of the property concerned will be available for inspection during office hours at the office of the Acting Town Secretary, Municipal Offices, Old Pretoria Road, Randjespark, for a period of 60 (sixty) days from 6 February 1991.

Any person who wishes to object to the proposed closure and alienation should do so in writing to the Acting Town Clerk, Private Bag X20, Halfway House, 1685, within 60 (sixty) days from the date hereof, to reach the undersigned not later than 12:00 on 8 April 1991.

H R A LUBBE
Acting Town Clerk

Municipal Offices
Old Pretoria Road
Randjespark

Private Bag X20
Halfway House
1685
24 January 1991
Notice No. 16/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 502

STADSRAAD VAN MIDRAND

VOORGENOME PERMANENTE SLUITING EN VERVREEMDING VAN STRAAT GEDEELTES AANGRENSEND AAN HOEWE 6, GLENFERNESS LANDBOUHOEWES

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 67, gelees met Artikel 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, dat die Stadsraad van Midrand van voorneme is om straat gedeeltes bestaande uit 'n gedeelte van Macinnes en Mullweg en gedeeltes van Mackenzie en Macinnes weg, groot ongeveer 38 m^2 en 16 m^2 onderskeidelik aangrensend aan Hoewe 6, Glenferness Landbouhoewes permanent te sluit en te vervreem.

'n Sketsplan wat die ligging van die betrokke eiendom aantoon lê gedurende kantoorure ter insae by die kantoor van die Waarnemende Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Ou Pretoriaweg, Randjespark vir 'n tydperk van 60 (sestig) dae vanaf 6 Februarie 1991.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken teen die voorgestelde sluiting en vervreemding, moet sodanige beswaar, binne 60 (sestig) dae vanaf datum hiervan, skriftelik rig aan die Waarnemende Stadsklerk, Privaatsak X20, Halfway House 1685, om die ondergetekende te bereik nie later as 12:00 op 8 April 1991.

Munisipale Kantore
Ou Pretoriaweg
Randjespark

H R A LUBBE
Waarnemende Stadsklerk

Privaatsak X20
Halfway House
1685
24 Januarie 1991
Kennisgewing No. 16/1991

6—13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 503

TOWN COUNCIL OF MIDRAND

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNHIP

The Town Council of Midrand hereby gives notice in terms of section 69(6)(a) of the Townplanning and Townships Ordinance, 1986, that applications to establish the townships referred to in the annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the applications will lie for inspection during normal office hours at the office of the Acting Town Clerk, Town Council of Midrand, Municipal Offices, Old Pretoria Road, Randjespark, for a period of 28 days from 6 February 1991.

Objections to or representations in respect of the applications must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Acting Town Clerk at the above address or at Private Bag X20, Halfway House, 1685 within a period of 28 days from 6 February 1991.

H R A LUBBE
Acting Town Clerk

Municipal Offices
Old Pretoria Road
Randjespark
Private Bag X20
Halfway House
1685
18 January 1991
Notice No. 12/1991

ANNEXURE 1

Name of township: President Park Extension 3.

Full name of applicant: Rob Fowler and Associates.

Number of erven in proposed township: Special for group housing: 3 erven.

Description of land on which township is to be established: Holding 280, President Park Agricultural Holdings.

Situation of proposed township: The property is situated on the north-western side of Brand Road, and south of the intersection between proposed Roads K101 and K109 in the President Park Agricultural Holdings.

Reference: 15/8/PP3.

ANNEXURE 2

Name of township: Clayville Extension 22.

Full name of applicant: Plan Associates.

Number of erven in proposed township: Industrial: 21, Public open space: 2.

Description of land on which township is to be established: Remainder of the farm Olifantsfontein 402 JR.

Situation of proposed township: The part of the remainder on which the township is to be established is situated next to Provincial Road K27 and south and adjoining to Clayville Extension 4 and 11.

Reference: 15/8/PP3.

ANNEXURE 3

Name of township: Randjespark Extension 64.

Full name of applicant: Van Wyk and Van Aardt on behalf of Constantia Productions (Pty) Ltd.

Number of erven in proposed township: Special for Annexure B uses: 2 erven.

Description of land on which township is to be established: Portion 554 (a portion of Portion 285) of the farm randjesfontein 405 JR.

Situation of proposed township: The property is located adjacent to 16th Road, Erand Agricultural Holdings.

Reference: 15/8/PP3.

ANNEXURE 4

Name of township: Halfway Gardens Extension 40.

Full name of applicant: Rob Fowler and Associates.

Number of erven in proposed township: Special for group housing: 1 erf, Residential 1: 1 erf.

Description of land on which township is to be established: Remainder of Holding 71, Halfway House Estate Agricultural Holdings.

Situation of poposed township: The property is situated on the northern side of Le Roux Avenue in the Halfway House Estate Agricultural Holdings. Halfway House Extension 4 is located directly to the north of the property.

Reference: 15/8/PP3.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 503

STADSRAAD VAN MIDRAND

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stadsraad van Midrand, gee hiermee ingevolge Artikel 69(6)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat aansoeke om die dorpe in die bylae hierby genoem, te stig, deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoeke lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Waarnemende Stadsklerk, Stadsraad van Midrand, Munisipale Kantore, Ou Pretoria Pad, Randjespark vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 Februarie 1991.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 Februarie 1991 skriftelik en in tweevoud by of tot die Waarnemende Stadsklerk by bovermelde adres of by Privaatsak X20, Halfway House 1685, ingedien of gerig word.

H R A LUBBE
Waarnemende Stadsklerk

Munisipale Kantore
Ou Pretoriaweg
Randjespark
Privaatsak X20
Halfway House
1685
18 Januarie 1991
Kennisgewing No. 12/1991

BYLAE 1

Naam van dorp: President Park Uitbreiding 3.

Volle naam van aansoeker: Rob Fowler en Medewerkers.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Spesiaal vir groepsbehuising: 3 erwe.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Hoewe 280, President Park Landbouhoewes.

Ligging van voorgestelde dorp: Die eiendom is geleë in die noord-westelike sektor van Brandweg, en suid van die straatkruising tussen voorgestelde Pad K101 en K109 in President Park Landbouhoewes.

Verwysing: 15/8/PP3.

BYLAE 2

Naam van dorp: Clayville Uitbreiding 22.

Volle naam van aansoeker: Plan Medewerkers.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Nywerheid: 21, Openbare oop ruimte: 2.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Restant van die plaas Olifantsfontein 402 JR.

Ligging van voorgestelde dorp: Die gedeelte is langs Provinsiale Weg K27 en suid geleë en aangrensend aan Clayville Uitbreiding 4 en 11.

Verwysing: 15/8/PP3.

BYLAE 3

Naam van dorp: Randjespark Uitbreiding 64.

Volle naam van aansoeker: Van Wyk en Van Aardt namens Constantia Productions (Edms) Bpk.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Spesiaal vir Bylaag B gebruike: 2 erwe.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Gedeelte 554 ('n gedeelte van Gedeelte 285) van die plaas Randjesfontein 405 JR.

Ligging van voorgestelde dorp: Die eiendom is geleë langs 16de Weg, Erand Landbouhoewes.

Verwysing: 15/8/PP3.

BYLAE 4

Naam van dorp: Halfway Gardens Uitbreiding 40.

Volle naam van aansoeker: Rob Fowler en Medewerkers.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Spesiaal vir groepsbehuising: 1 erf, Residensieel 1: 1 erf.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Restant van Gedeelte 71, Halfway House Estate Landbouhoewes.

Ligging van voorgestelde dorp: Die gebied is geleë noord van Le Rouxlaan in Halfway House Estate Landbouhoewes. Halfway House Uitbreiding 4 is direk noord van die gebied geleë.

Verwysing: 15/8/PP3.

6—13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 505

NOTICE OF A DRAFT SCHEME

NELSPRUIT TOWN COUNCIL

The Town Council of Nelspruit, hereby gives notice in terms of section 28(1)(a) of the Townplanning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft amendment scheme to be known as Amendment Scheme 62, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and is applicable to Portions 27 and 28 (portions of Portion 25) of Stand 1308, Nelspruit Extension 8. The zoning of these stands are to be altered from "Existing Public Roads" to "Industrial 1".

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room 208, Second Floor, Block D, Civic Centre, Nel Street, Nelspruit for a period of 28 days from 6 February 1991.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at PO Box 45, Nelspruit, 1200 within a period of 28 days from 6 February 1991.

D W VAN ROOYEN
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 505

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

NELSPRUIT STADSRAAD

Die Stadsraad van Nelspruit gee hiermee ingevolge artikel 28(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerpwysigingskema wat bekend sal staan as Wysigingskema 62, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en is van toepassing op Gedeelte 27 en 28 (gedeeltes van Gedeelte 25) van Erf 1308, Nelspruit Uitbreiding 8. Die sonering van hierdie erwe word verander vanaf "Bestaande Openbare Pad" na "Nywerheid 1".

Die ontwerpskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 208, Tweedevloer, Blok D, Burgersentrum, Nelstraat, Nelspruit vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 Februarie 1991.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 6 Februarie 1991, skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 45, Nelspruit 1200 ingedien of gerig word.

D W VAN ROOYEN
Stadsklerk

6—13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 507

TOWN COUNCIL OF PIETERSBURG

NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL

Notice is hereby given in terms of section 36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the provsional supplementary valuation roll for the financial year 1989/90 is available for inspection at the Rates Hall, Civic Centre, Pietersburg from 6th Feb-

ruary 1991 to 11th March 1991 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the undersigned in respect of any matter recorded in the provisional supplementary valuation roll as contemplated in section 34 of the said Ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

A C K VERMAAK
Town Clerk

Civic Centre
Pietersburg
7 January 1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 507

PIETERSBURG STADSRAAD

KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE AANVULLENDE WAARDERINGSLYS AANVRA

16.(1) The owner or occupier of premises on which objectionable refuse is generated, shall inform the Council of the composition thereof, the quantity generated, how it is stored and how and when it will be removed.

(2) If so required by the Council, the notification referred to in subsection (1) shall be substantiated by an analysis certified by a duly qualified industrial chemist or a person nominated by the Council.

(3) Subject to the provisions of section 72 of the Local Government Ordinance, 1939, the Council or any person duly authorized by the Council may enter premises at any reasonable time to ascertain whether objectionable refuse is generated on such premises and may take samples and test any refuse found on the premises to ascertain its composition.

(4) The owner or occupier of premises on which objectionable refuse is generated, shall notify the Council of any changes in the composition and quanity of the objectionable refuse occuring thereafter.

Storing of Objectionable Refuse

17.(1) The person referred to in section 16(1) shall ensure that the objectionable refuse generated on the premises shall be kept and stored thereon in terms of section 17(2) until it is removed from the premises in terms of section 18.

(2) Objectionable refuse stored on premises shall be stored in such manner that it does not cause a nuisance or pollute the environment.

(3) If Objectionable refuse is not stored in terms of subsection (2) on the premises on which it is generated, the Council may order the owner or occupier of the premises to remove such refuse within a reasonable time and, if thereafter the refuse is not removed within such time, the Council may by itself or through a contractor remove it at the expense of the owner or occupier.

Removal of Objectionable Refuse

18.(1) No person shall remove or dispose of objectionable refuse from the premises on which it was generated without, or otherwise than in terms of the written consent of the Council.

(2) The Council may give its consent in terms of subsection (1) subject to such conditions as he may deem fit: Provided that in laying down conditions the Council shall have regard to —

(a) the composition of the objectionable refuse;

(b) the suitability of the vehicle and container to be used;

(c) the place where the refuse shall be deposited;

(d) proof to the Council of such depositing.

(3) Unless it is satisfied that the person applying for consent is competent and has the equipment to remove the objectionable refuse and to comply with the conditions laid down by the Council, the Council shall not give its consent in terms of subsection (1).

(4) The person referred to in section 16(1) shall inform the Council, at such intervals as the Council may determine, having regard to the information which shall be given to the Council in terms of section 16(1) of the removal of objectionable refuse, the identity of the remover, the date of such removal, the quantity and the composition of the objectionable refuse removed.

(5) At the contravention of this section, section 22(3) shall be applicable mutatis mutandis.

CHAPTER 7

DISPOSAL SITES

Procedure at Disposal Sites

19.(1) Any person who, for the purpose of disposing of refuse, enters a refuse disposal site controlled by the Council, shall —

(a) enter the disposal site at the authorized access only;

(b) in the manner required by the Council present the refuse for weighing, if the Council so requires;

(c) provide the Council with all particulars required in regard to the composition of the refuse;

(d) adhere to all instructions given to him by the Council with regard to access to the actual disposal point, the place where and the manner in which the refuse shall be deposited;

(e) pay the prescribed tariff charge in respect of the refuse deposited in the manner as determined by the Council from time to time.

(2) No person shall bring any intoxicating liquor onto a disposal site controlled by the Council.

(3) No person shall enter a disposal site controlled by the Council for any purpose other than the depositing of refuse in terms of these by-laws and then only at such times as the Council may from time to time determine.

Ownership of Refuse

20.(1) All refuse and bin liners removed by the Council and all refuse on disposal sites controlled by the Council shall be the property of the Council and no person who is not duly authorized by the Council to do so, shall remove or interfere therewith.

(2) Only refuse generated on premises, situate within the area of jurisdiction of the Council, may be deposited on the Council's disposal sites.

CHAPTER 8

LITTERING, DUMPING AND ANCILLARY MATTERS

Littering

21.(1) No person shall —

(a) throw, drop, deposit or spill any refuse into or onto any public place, vacant stand, vacant erf, stream or watercourse;

(b) sweep any refuse into a gutter on a public place;

(c) allow any person under his control to do any of the acts referred to in paragraph (a) and (b).

(2) For the purposes of this section, a person shall be deemed to have allowed the acts referred to in subsection (1) of persons under his control, unless the contrary is proved.

Dumping

22.(1) Subject to any provisions to the contrary contained in these by-laws, no person shall abandon anything or allow anything under his control to be abandoned at a place to which it has been brought with the intention of abandoning it there.

(2) Once it has been proved that such person left something or caused something to be left at a place of which he is not the owner or occupier, he shall be deemed to have contravened the provisions of subsection (1) unless the contrary is proved.

(3) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding R300 or to imprisonment for a period not exceeding 12 months or to both such fine and such imprisonment.

Abandoned Things

23.(1) Anything, other than a vehicle shall be deemed to have been abandoned in terms of section 131 of the Road Traffic Ordinance, 1966, as amended, which is having regard to such factors as the place where it was found, the period it has been left at such place and the nature and condition thereof, reasonably regarded by the Council as having been abandoned, may be removed and disposed of by the Council as it deems fit.

Liability of Responsible Person

24.(1) Where anything has been removed and disposed of by the Council in terms of section 23, the responsible person shall be liable to the Council for the payment of the tariff charge in respect of such removal and disposal.

(2) For the purposes of subsection (1) the responsible person shall be —

(a) the owner of the thing and shall include any person who is entitled to be in possession thereof by virtue of a hire purchase agreement or an agreement of lease at the time when it was abandoned or left in the place from which it was removed, unless he can prove that he was not involved in and did not know of its being abandoned or left in such place; or

(b) any person by whom it was left in the place from which it was removed; or

(c) any person who knowingly permitted that the thing be left in the place from which it was removed.

CHAPTER 9

GENERAL PROVISIONS

Access to Premises

25.(1) Where the Council provides a refuse removal service, the owner or occupier of premises shall grant the council access to the premises and shall ensure that nothing obstructs, frustrates or hinders the Council in the rendering of such service.

(2) Where, in the opinion of the Council, the rendering of a refuse collection service to premises may cause damage to any property or injury to any person, the Council may, as a condition of rendering such service, require the owner or occupier of such premises to indemnify the Council in writing in respect of any such damage or injury or any claims which may arise in respect thereof.

Frequency of Removal and Nature of Refuse

26. Notwithstanding any provision to the contrary, the Council shall determine the frequency of the removal and the nature, of any refuse.

Accumulation of Refuse

27.(1) Where any refuse accumulates on any premises so that it must be removed, the Council may remove such refuse and the owner or occupier of such premises shall be liable to the Council for the payment of the tariff charge for such removal and disposal.

Application for the Rendering or Termination of Service

28.(1) An application for the rendering or termination of a service rendered in terms of these by-laws, shall be made in writing or in any other manner as determined by the Council, by the owner or occupier or their authorized agent.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1) a service for the removal of domestic or business refuse shall not be discontinued unless the Council has received a written notification from the owner of a premises that no such refuse is generated on the premises or unless it is obvious to the Council that no such refuse is generated on the premises.

Charges

29.(1) Save where otherwise provided in these by-laws, the person to whom a service mentioned in these by-laws has been rendered by the Council, shall be liable to the Council for the payment of the tariff charges in respect of such service.

(2) Monthly tariff charges shall be payable until receipt by the Council of the notice mentioned in section 28 or until the Council is satisfied that the generation of domestic or business refuse on the premises has ceased.

(3) For the purpose of calculating the monthly tariff charges payable in terms of these by-laws, "month" means a calendar month: Provided that a portion of a month shall be regarded as a full month.

(4) The Council shall have the right at any time to levy tariff charges in respect of a service rendered to any premises in terms of these by-laws, although the Council has not received an application to render such service from the owner or occupier of such premises.

(5) Any person who fails to pay the tariff charges levied in respect of services rendered by the Council, shall be guilty of an offence.

Offences and Penalties

30.(1) Subject to the provisions of section 22(3), any person who contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and shall be liable, on conviction, to a fine not exceeding R200 or to imprisonment for a period not exceeding 6 months or to both such fine and imprisonment.

(2) In the event of a continuing offence, any person who contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws, shall be deemed to be guilty of a separate offence for every 24 hours or part of such period during which the offence continues, and shall be liable on conviction as set out in subsection (1) in respect of each such separate offence.

Revocation of By-laws

The Sanitary and Refuse Removals tariff of the Komatipoort Municipality, published under Administrator's Notice No. 218, dated 25th March 1953, is hereby revoked.

Municipal Offices
PO Box 146
Komatipoort
1340

K H J VAN ASWEGEN
Town Clerk

Notice No. 32/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 568

KOMATIPOORT DORPSRAAD

VERORDENINGE BETREFFENDE VASTE AFVAL EN SANITEIT

Die Stadsklerk van Komatipoort publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939) (Transvaal), die verordeninge hierna uiteengesit.

HOOFSTUK 1

Woordomskrywing

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken —

"aanstootlike afval" afval wat toksies, gevaarlik, nadelig of skadelik is of wat die omgewing kan besoedel of wat ontstaan as gevolg van 'n vervaardigingsproses of the voorafbehandeling vir wegdoendoeleindes van bedryfsvloei-afval, wat ingevolge die Raad se Rioleringsverordeninge nie in 'n perseelriool of straatriool gestort mag word nie of wat ontstaan as gevolg van vervaardigings-, instandhoudings-, monteer- en demonteerbedrywighede, asook die bedrywighede op spoorwegrangeerwerwe, uitgesonderd bouersafval of huisafval;

"besigheidsafval" afval wat op enige perseel ontstaan en wat met gemak en sonder beskadiging van die plastiese voering, daarin verwyder kan word, uitgesonderd tuinafval, bouersafval, lywige afval, huisafval of aanstootlike afval;

"bouersafval" afval wat slegs weens slopings-, uitgrawings- of boubedrywighede op 'n perseel ontstaan;

"eienaar" 'n eienaar soos omskryf in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939: Met dien verstande dat die "eienaar" van 'n perseel wat gebou word ingevolge die Deeltitelregister wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Deeltitels, 1971, geopen is, die regspersoon is wat by dié Wet omskryf word;

"gelde" die gelde wat van tyd tot tyd ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, deur die Raad vasgestel is.

"houer" 'n vullishouer soos deur die Raad bepaal en goedgekeur en wat deur die Raad gratis, óf teen 'n vasgestelde tarief, óf teen heersende pryse, of 'n huurtarief, voorsien kan word;

"huisafval" afval wat normaalweg op die persele van private woonhuise wat uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word, ontstaan en wat met gemak en sonder die beskadiging van die plastiese voering, verwyder kan word insluitende kerke, hospitale, skole, hostelle, liefdadigheidsorganisasies en sale;

"lywige afval" afkomstig vanaf enige perseel maar wat vanweë die massa, vorm, grootte of hoeveelheid daarvan nie met gemak en sonder beskadiging van die plastiese voering verwyder kan word nie, uitgesonderd aanstootlike afval of bouersafval;

"okkupant" 'n bewoner soos omskryf in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939: Met dien verstande dat die "bewoner" in die geval van 'n perseel wat gehou word ingevolge die Deeltitelregister wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Deeltitels, 1971, geopen is, die regspersoon is wat by dié Wet omskryf word: Met dien verstande verder dat indien daar meer as een okkupant van 'n perseel is, die eienaar geag word die okkupant te wees;

"openbare plek" 'n publieke soos omskryf in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939;

"plastiese voering" 'n plastiese sak soos deur die Raad voorgeskryf wat binne-in 'n houer met 'n opgaarinhoud van hoogtens 0,1 m^3 geplaas kan word;

"Raad" die Komatipoort Dorpsraad daardie Raad se Besuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beampte aan wie dié Komitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel, op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie veroordeninge by die Raad berus, kan delegeer, en dit inderdaad gedelegeer het;

"tuinafval" afval wat ontstaan deur normale tuinbedrywighede van 'n gevestigde tuin op 'n perseel wat uitsluitend vir woondoeleindes gebruik word, soos gesnyde gras, blare, plante, boom- en struiksnysels, blomme en ander soortgelyke klein en ligte voorwerpe.

HOOFSTUK 2

VERWYDERING VAN AFVAL

Die Raad se Diens

2.(1) Die Raad lewer 'n diens vir die afval en verwydering van afval teen die gelde wat in die Bylae by hierdie verordeninge voorgeskryf word: Met dien verstande dat die lewering van 'n bepaalde diens onderworpe is aan die goedkeuring van die Raad.

(2) As die Raad dit vereis, moet die okkupant van 'n perseel waarop afval ontstaan, van die Raad se diens vir die afhaal en verwydering van sodanige afval gebruik maak.

(3) Die eienaar of okkupant van 'n perseel waarop die afval ontstaan is aanspreeklik vir die betaling van die gelde vir enige diens wat die Raad vir die afhaal en verwydering van sodanige afval lewer.

Kennisgewing aan die Raad

3.(1) Die okkupant van 'n perseel, of as daar meer as een okkupant is, die eienaar van sodanige perseel, moet binne sewe dae vanaf die dag waarop afval op sodanige perseel begin ontstaan, die Raad in kennis stel —

(a) dat die perseel geokkupeer word;

(b) dat daar òf bouers-, òf lywige, òf besigheids, òf huis-, òf aanstootlike afval op die perseel ontstaan;

(c) van die beraamde hoeveelheid van sodanige afval wat ontstaan;

(d) van die voorgestelde wyse van verwydering en hoe dikwels dit moet geskied.

(2) Die eienaar of okkupant van 'n perseel waarop afval ontstaan, moet op 'n wyse deur die Raad voorgeskryf, al die besonderhede wat die Raad vereis betreffende die samestelling van die afval aan die Raad verstrek.

Verskaffing van Houers

4.(1) Die Raad moet die soort en aantal houers wat by 'n perseel benodig word, bepaal.

(2) Die eienaar van 'n perseel is verantwoordelik vir die verskaffing van die voorafbepaalde soort en aantal houers, indien deur die Raad vereis.

(3) Indien die Raad 'n houer verskaf, word sodanige houer gratis, òf teen heersende pryse, òf 'n huurtarief, na gelang die Raad mag bepaal, verskaf.

(4) Waar 'n houer gratis of teen 'n huurtarief deur die Raad verskaf word, bly sodadige houer die eiendom van die Raad en is die eienaar van die perseel teenoor die Raad aanspreeklik vir die verlies van of skade aan sodanige houer.

Plasing van Houers

5.(1) Die eienaar of okkupant van 'n perseel moet op 'n plek op die perseel, soos deur die Raad goedgekeur, voorsiening maak vir genoeg ruimte om die houers te berg.

(2) Die plek waarvoor daar ingevolge subartikel (1) op die perseel voorsiening gemaak word, moet so geleë wees dat die houers nie vanaf 'n straat of openbare plek sigbaar is nie, tensy die Raad anders aandui.

(3) Alle houers met 'n opgaarinhoud van hoogstens 0,1 m^3 waarin besigheids- of huisafval geplaas word moet met 'n plastiese voering van minstens 950 mm x 750 mm en 40 mikrometer dikte, of soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal, toegerus word en sodanige plastiese voering word, tensy die Raad anders bepaal, deur die okkupant of eienaar voorsien.

(4) 2 plastiese voerings met afval daarin en behoorlik toegebind, moet slegs op die dag van verwydering, soos deur die Raad bepaal, buite die omheining of grens van die perseel op die straatgrens, of op sodanige ander plek soos deur die Raad bepaal, geplaas word.

(5) As die Raad dit vereis, moet die plek van afhaal so geleë wees dat daar 'n gerieflike in- en uitgang vir die Raad se afvalverwyderingsvoertuie is.

(6) 'n Groot genoeg ruimte moet voorsien word sodat 'n spesiale houer vir die opberg van afval soos beskryf in artikel 6(1)(a)(i) daar gehou kan word, benewens die ruimte benodig vir die opberging van afval wat nie in 'n spesiale houer geberg word nie.

(7) Die Raad kan na goeddunke, 'n plek aanwys vanwaar afval met meer gerief verwyder kan word.

(8) Ondanks enige andersluidende bepaling, kan die Raad —

(a) in die geval van geboue wat opgerig is, of geboue waarvan die bouplanne goedgekeur is voordat hierdie verordeninge van krag geword het; en

(b) as die Raad na sy mening nie afval van die plek af, waarvoor daar ingevolge subartikel (1) voorsiening gemaak is, kan afhaal en verwyder nie;

ten einde 'n oorlas te voorkom of die afhaal van afval te vergemaklik, 'n plek op of buitekant die perseel aanwys waar die houer(s) vir die versameling en verwydering van sodanige afval geplaas moet word, en die houer(s) moet op daardie plek geplaas word op die tye en vir die tydperke wat die Raad voorskryf.

Gebruik en versorging van Houers en Plastiese Voerings

6.(1) Die okkupant van die perseel, of as daar meer as een okkupant is, die eienaar van sodanige perseel, moet sorg dat —

(a) alle huis- of besigheidsafval wat op die perseel ontstaan, in plastiese voerings geplaas en gehou word, sodat die Raad dit kan verwyder: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie verhoed nie dat 'n okkupant of eienaar, na gelang van die geval —

(i) wat vooraf die Raad se skriftelike vergunning verkry het, draf, riffelkarton, papier, glas of ander afvalmateriaal, verkoop of vervreem sodat dit deur 'n vervaardigingsproses herwin kan word of, in die geval van draf, vir verbruiksdoeleindes gebruik kan word;

(ii) van die huisafval wat vir kompos-doeleindes geskik is, gebruik maak nie, mits die afval op die perseel bly en geen oorlas tot gevolg het nie;

(b) geen warm as, glasskerwe of ander besigheids- of huisafval wat die plastiese voering kan beskadig of die Raad se werknemers kan beseer terwyl hulle hul pligte ingevolge hierdie verordeninge nakom, in die voerings geplaas word voordat hy die nodige voorsorg getref het om sodanige skade of besering te voorkom nie;

(c) geen materiaal, insluitende vloeistof, wat weens die massa of ander eienskappe daarvan, dit waarskynlik vir die Raad se werknemers te moeilik kan maak om die plastiese voerings te hanteer of te dra, in sodaige voerings geplaas word nie;

(d) elke houer op die perseel wat met 'n dekscl voorsien is, toe is, behalwe wanneer afval daarin geplaas of daaruit verwyder word, en dat elke houer skoon en higiënies gehou word.

(2) Geen houer mag vir 'n ander doel as die doel waarvoor dit voorsien is, gebruik word nie en geen vuur mag daarin aangesteek word nie.

(3) Die Raad verwyder plastiese voerings met afval slegs indien dit op die voorgeskrewe plekke, soos in artikel 5 bepaal, geplaas is met sodanige tussenposes as wat hy nodig ag.

(4) Die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir die verlies van of skade aan 'n houer of plastiese voering nie.

Afvalverdigting

7.(1) Indien daar soveel besigheidsafval op 'n perseel ontstaan dat meer as 20 houers (elk met 'n inhoudsvermoë van gestel 85 ℓ), of 'n aantal houereenhede wat dieselfde inhoudsvermoë as ongeveer 20 houers (elk met 'n inhoudsvermoë van gestel 85 ℓ) het, daagliks leeggemaak moet word en as, na die mening van die Raad die grootste deel daarvan verdigbaar is, of indien die okkupant of eienaar van die perseel dié afval wil verdig, moet die okkupant of as daar meer as een okkupant is, die eienaar van die perseel die digtheid van die gedeelte van die afval wat verdigbaar is, verhoog deur van goedgekeurde uitrusting wat ontwerp is om afval te kerf of te verdig, gebruik te maak en moet hy die afval wat sodoende behandel is, in 'n goedgekeurde staal-, plastiek- of papierhouer, of 'n ander wegdoenbare houer plaas en is artikel 4 nie op die verdigte afval van toepassing nie, maar wel op alle ander afval.

(2) Die inhoudsvermoë van die plastiek-, papier- of ander wegdoenbare houer wat in subartikel (1) genoem word, mag nie 85 ℓ oorskry nie.

(3) Nadat die afval behandel is, soos in subartikel (1) beoog word, en dit in 'n plastiek-, papier- of ander wegdoenbare houer geplaas is, moet die betrokke houer in 'n afvalblik of 'n houereenheid geplaas word.

(4) Die bepalings van subartikel (1) is, vir sover dit die verdigting van besigheidsafval verpligtend maak, nie van toepassing nie, voordat 'n tydperk van een jaar verloop het vanaf die datum waarop hierdie verordeninge afgekondig word.

(5) "Goedgekeur" beteken, vir die toepassing van subartikel (1), goedgekeur deur die Raad met inagneming van die geskiktheid van die uitrusting of houer vir die doel daarvan, asook met inagneming van redelike vereistes van die besondere geval uit 'n openbare gesondheids-, opbergings-, verwyderings- of wegdoeningsoogpunt.

(6) Die okkupant of die eienaar, na gelang van die geval, moet die houers wat in subartikel (1) genoem word, verskaf.

(7) Indien 'n staalhouer ingevolge subartikel (1) gebruik word, moet die houer elke keer nadat die Raad dit verwyder en leeggemaak het, op die perseel terugbesorg word.

(8) Die houers wat in subartikel (1) genoem word, word deur die Raad met sodanige tussenpose as wat die Raad in die omstandighede nodig mag ag, verwyder en leeggemaak.

(9) Die bepalings van hierdie artikel verhoed nie dat die okkupant of eienaar wat vooraf die Raad se skriftelike vergunning verkry het, draf, riffelkarton, papier, glas of ander materiaal wat 'n bestanddeel van besigheidsafval is, verkoop of andersins daarmee wegdoen sodat dit deur 'n vervaardigingsproses herwin kan word, of in die geval van draf, vir verbruiksdoeleindes gebruik kan word nie.

HOOFSTUK 3

TUINAFVAL

Verwydering en Wegdoen van Tuinafval

8.(1) Die okkupant, of as daar meer as een okkupant is, die eienaar van 'n perseel waarop tuinafval ontstaan, moet toesien dat sodanige afval, binne 'n redelike tydperk nadat dit ontstaan het, mee weggedoen word: Met dien verstande dat tuinafval op die perseel vir die maak van

kompos gehou kan word indien dit nie 'n oorlas sal veroorsaak nie.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 2(2), kan enige iemand tuinafval verwyder en daarmee wegdoen.

(3) Tuinafval moet, nadat dit van die perseel af waarop dit ontstaan het, verwyder is, gestort word op 'n terrein wat die Raad as 'n stortingsterrein vir sodanige tuinafval aangewys het.

Die Raad se Spesiale Dienste

9.(1) Behoudens die bepalings van artikel 2(1), verwyder die Raad tuinafval van 'n perseel af indien sodanige tuinafval op die dag van verwydering buite die omheining of grens van die perseel op die straatgrens, of op sodanige ander plek soos deur die Raad bepaal, geplaas word.

(2) Die Raad kan die soort en aantal houers wat vir die opberging en verwydering van sodanige afval gebruik moet word, bepaal.

(3) Die Raad kan bepaal dat sekere tuinafval in plastiese voerings geplaas en gehou word in welke geval die bepalings van artikel 3 mutatis mutandis van toepassing is.

HOOFSTUK 4

BOUERSAFVAL

Aanspreeklikheid vir Bouersafval

10.(1) Die eienaar van die perseel waarop bouersafval ontstaan en die persoon wat betrokke is by die bedrywigheid wat sodanige afval laat ontstaan, moet sorg dat —

(a) dié afval ingevolge artikel 13 weggedoen word binne 'n redelike tydperk nadat dit ontstaan het;

(b) tot tyd en wyl die bouersafval weggedoen is ingevolge artikel 13 en onderworpe aan die bepalings van artikel 11, moet sodanige afval, asook die houers waarin dit gehou en verwyder word, op die perseel waar dit ontstaan het, gehou word.

(2) Enigiemand mag 'n diens vir die verwydering van bouersafval lewer. Indien die Raad so 'n diens lewer, geskied dit teen die voorgeskrewe gelde: Met dien verstande dat die Raad dit met sy afvalverwyderingstoerusting kan doen.

Houers

11.(1) Indien houers of ander bevatters wat gebruik word vir die verwydering van bouersafval vanaf persele, nie op die perseel gehou kan word nie, kan die houers of ander bevatters met die Raad se skriftelike vergunning vir die duur van die vergunning langs die straat gehou word.

(2) Vergunning wat ingevolge subartikel (1) verleen word, is onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad nodig mag ag: Met dien verstande dat, as hy sy vergunning verleen of weier of voorwaardes stel, die openbare veiligheid en gerief in ag geneem moet word.

(3) Die Raad se skriftelike vergunning waarna in subartikel (1) verwys word, word slegs verleen teen betaling van die gelde vir die geldigheidsduur van die vergunning.

12. Elke houer of ander bevatter wat vir die verwydering van bouersafval gebruik word, moet —

(1) Duidelik gemerk wees met die naam en adres of telefoonnommer van die persoon in beheer van die houer of ander bevatter.

(2) Toegerus wees met kaatschevrons of kaatsers wat die hele voor- en agterkant daarvan duidelik omlyn.

(3) Te alle tye toegemaak wees, sodat daar geen verplasing van die inhoud of stof kan ontstaan nie, behalwe wanneer dit werklik met afval gevul of leeggemaak word.

Wegdoening van Bouersafval

13.(1) Alle bouersafval moet onderworpe aan die bepalings van subartikel (2), op die Raad se afvalstortterreine gestort word, nadat die storter die gelde daarvoor betaal het.

(2) Bouersafval mag vir grondherwinningsdoeleindes met die Raad se skriftelike vergunning op 'n ander plek as die Raad se afvalsstortterreine gestort word.

(3) Vergunning wat ingevolge subartikel (2) verleen word, is onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad nodig mag ag: Met dien verstande dat die Raad die volgende in ag neem wanneer hy sy vergunning verleen of weier of wanneer hy voorwaardes stel:

(a) Openbare veiligheid.

(b) Die omgewing van die beoogde stortterrein.

(c) Die geskiktheid van die gebied met inbegrip van die dreinering daarvan.

(d) Die verwagte tye en wyse waarop afval op die terrein gestort word.

(e) Die gelykmaking van die terrein.

(f) Stofbeheer.

(g) Ander verwante faktore.

HOOFSTUK 5

LYWIGE AFVAL

Verwydering en Wegdoen van Lywige Afval

14.(1) Die okkupant, of as daar meer as een okkupant is, die eienaar van 'n perseel waarop lywige afval ontstaan, moet toesien dat die afval ingevolge hierdie Hoofstuk mee weggedoen word binne 'n redelike tydperk nadat dit ontstaan het.

(2) Enigiemand kan lywige afval verwyder en daarmee wegdoen.

(3) Lywige afval moet, nadat dit van die perseel waarop dit ontstaan het, verwyder is, gestort word op 'n terrein wat die Raad daarvoor aangewys het.

Die Raad se Spesiale Diens

15. Die Raad verwyder die lywige afval van 'n perseel af, teen die voorgeskrewe tarief mits hy dit met sy afvalverwyderingsuitrusting kan doen op versoek van 'n eienaar of 'n okkupant van 'n perseel.

HOOFSTUK 6

AANSTOOTLIKE AFVAL

Kennisgewing van die Ontstaan van Aanstootlike Afval

16.(1) Die eienaar of okkupant van 'n perseel waarop aanstootlike afval ontstaan, moet die Raad verwitting aangaande die samestelling daarvan, die hoeveelheid daarvan, hoe dit opgeberg word en hoe en wanneer dit verwyder sal word.

(2) Die kennisgewing waarna daar in subartikel (1) verwys word, moet, as die Raad dit vereis, gestaaf word, deur 'n ontleding wat deur 'n behoorlik gekwalifiseerde bedryfskeikundige of 'n persoon deur die Raad aangewys, gewaarmerk is.

(3) Die Raad of iemand wat deur die Raad behoorlik daartoe gemagtig is, kan onderworpe aan die bepalings van artikel 72 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, 'n perseel te enige redelike tyd betree ten einde vas te stel of aanstootlike afval op so 'n perseel ontstaan het, om monsters te neem en om afval wat op die perseel gevind word, te toets om die samestelling daarvan te bepaal.

(4) Die eienaar of okkupant van 'n perseel waarop aanstootlike afval ontstaan, moet die Raad verwittig van enige verandering in die samestelling en die hoeveelheid aanstootlike afval wat daarna mag ontstaan.

Opberging van Aanstootlike Afval

17.(1) Die persoon waarna daar in artikel 16(1) verwys word, moet sorg dat die aanstootlike afval wat op die perseel ontstaan, ingevolge artikel 17(2) op die perseel gehou en opgeberg word totdat dit ingevolge artikel 18 van die perseel af verwyder word.

(2) Aanstootlike afval wat op 'n perseel opgeberg word, moet op so 'n wyse opgeberg word dat dit nie 'n oorlas veroorsaak of die omgewing besoedel nie.

(3) Indien aanstootlike afval nie ingevolge subartikel (2) op die perseel waarop dit ontstaan, opgeberg word nie, kan die Raad die eienaar of okkupant van die perseel gelas om sodanige afval binne 'n redelike tydperk te verwyder en indien die afval nie binne dié tydperk verwyder is nie, kan die Raad dit self of deur middel van 'n kontrakteur op koste van die eienaar of okkupant verwyder.

Verwydering van Aanstootlike Afval

18.(1) Niemand mag, sonder die skriftelike toestemming van die Raad of op 'n wyse anders as deur die Raad bepaal aanstootlike afval van die perseel waarop dit ontstan het, verwyder of wegdoen nie.

(2) Die Raad kan ingevolge subartikel (1) toestemming verleen onderworpe aan voorwaardes wat hy nodig mag ag: Met dien verstande dat wanneer die Raad voorwaardes stel, die volgende in ag geneem word:

(a) Die Samestelling van die aanstootlike afval.

(b) Die geskiktheid van die voertuig en die houer wat gebruik sal word.

(c) Die plek waar die afval gestort gaan word.

(d) Bewys aan die Raad van sodanige storting.

(3) Tensy die Raad daarvan oortuig is dat die persoon wat om toestemming aansoek doen, bevoeg is om die aanstootlike afval te verwyder, oor die uitrusting wat vir die verwydering van die aanstootlike afval nodig is, beskik, en aan die voorwaardes van die Raad kan voldoen, verleen die Raad nie toestemming ingevolge subartikel (1) nie.

(4) Die persoon waarna daar in artikel 16(1) verwys word, moet die Raad so dikwels as wat die Raad kan bepaal, met inagneming van die inligting wat ingevolge artikel 16(1) aan die Raad verstrek moet word, inlig in verband met die verwydering van aanstootlike afval, die identiteit van die verwyderaar, die verwyderingsdatum, die hoeveelheid en die samestelling van die aanstootlike afval wat verwyder word.

(5) By oortreding van hierdie artikel, is artikel 22(3) mutatis mutandis van toepassing.

HOOFSTUK 7

STORTTERREINE

Prosedure by Stortterreine

19.(1) Iemand wat 'n stortterrein waaroor die Raad beheer uitoefen, met die doel om afval te stort, betree, moet —

(a) die stortterrein slegs by die gemagtigde ingang binnegaan;

(b) die afval aanbied op die wyse wat die Raad vereis, sodat die massa gemeet kan word indien die Raad dit vereis;

(c) al die besonderhede wat die Raad betreffende die samestelling van die afval vereis, verstrek;

(d) alle opdragte van die Raad in verband met toegang tot die werlike stortplek, die plek waar en die manier waarop die afval gestort moet word, nakom;

(e) die gelde betaal ten opsigte van die afval wat gestort is, op die wyse soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

(2) Niemand mag sterk drank na 'n stortterrein wat onder toesig van die Raad staa, bring nie.

(3) Niemand mag 'n stortterrein waaroor die Raad beheer uitoefen, binnegaan nie, behalwe met die doel om afval ingevolge hierdie verordeninge te stort en dan slegs op die tye wat die Raad van tyd tot tyd bepaal.

Eiendomsreg op Afval

20.(1) Alle afval en plastiese voerings wat die Raad verwyder het en alle afval op afvalstortterreine waaroor die Raad beheer uitoefen, is die eiendom van die Raad en niemand wat nie behoorlik deur die Raad daartoe gemagtig is nie, mag dit verwyder of om daarmee bemoei nie.

(2) Slegs afval afkomstig van persele wat binne die regsgebied van die Raad geleë is, mag op die Raad se stortterreine gestort word.

HOOFSTUK 8

ROMMELSTROOIERY, STORTING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

Rommelstrooiery

21.(1) Niemand mag —

(a) afval in of op 'n openbare plek, leë standplaas, leë erf, stroom of waterloop gooi, laat val, stort of mors nie;

(b) afval in 'n straatvoor op 'n openbare plek invee nie;

(c) iemand oor wie hy beheer uitoefen, toelaat om enigiets waarna daar in paragrawe (a) en (b) verwys word, te doen nie.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel word dit geag dat niemand die dade waarna daar in subartikel (1) verwys word, deur diegene waaroor hy beheer uitoefen, toegelaat het, tensy die teendeel bewys word.

Storting

22.(1) Behoudens enige andersluidende bepalings van hierdie verordeninge, mag niemand enigiets op 'n plek laat, of toelaat dat enigiets waaroor hy beheer voer, gelaat word op 'n plek waarheen dit gebring is met die doel om dit daar te laat nie.

(2) As saar bewys is dat so iemand iets gelaat het, of veroorsaak het dat dit gelaat word op 'n plek waarvan hy nie die eienaar of okkupant is nie, word dit geag dat hy die bepalings van subartikel (1) oortree het, tensy en totdat die teendeel bewys is.

(3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

Goed wat laat Vaar is

23.(1) Enigiets, behalwe 'n voertuig wat ingevolge artikel 131 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, soos gewysig, as laat vaar beskou word, wat met inagneming van faktore soos die plek waar dit gevind is, die tydperk wat dit op so 'n plek gelaat is en die aard en toestand daarvan redelikerwys deur die Raad as laat vaar beskou word, kan na goeddunke van die Raad verwyder en weggedoen word.

Aanspreeklikheid van Verantwoordelike Persoon

24.(1) As die Raad enigiets ingevolge artikel 23 verwyder en weggedoen het, is die verantwoordelike persoon teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die gelde ten opsigte van sodanige verwydering en wegdoening.

(2) Vir die toepassing van subartikel (1) is die verantwoordelike persoon —

(a) die eienaar van die goed, en dit sluit iemand in wat daarop geregtig is om dit kragtens 'n huurooreenkoms of 'n huurkontrak in sy besit te hê toe dit laat vaar is of op die plek geplaas is waarvandaan dit verwyder is, tensy hy kan bewys dat hy nie daarby betrokke was nie en nie geweet het dat dit laat vaar of daar geplaas is nie; of

(b) iemand wat dit op die plek waarvan dit verwyder is, gelaat het; of

(c) iemand wat wetend toegelaat het dat dit op die plek waarvan dit verwyder is, gelaat is.

HOOFSTUK 9

ALGEMENE BEPALINGS

Toegang tot 'n Perseel

25.(1) Waar die Raad 'n afvalverwyderingsdiens lewer, moet die eienaar of okkupant van 'n perseel aan die Raad toegang verleen en sorg dat niks die Raad in die lewering van sodanige diens dwarsboom, fnuik of hinder nie.

(2) Waar, na die mening van die Raad, die lewering van 'n afvalverwyderingsdiens aan 'n perseel skade aan enige eiendom of besering aan enige persoon kan veroorsaak, kan die Raad, as 'n voorwaarde vir die lewering van sodanige diens, vereis dat die eienaar of okkupant van sodanige perseel die Raad skriftelik vrywaar ten opsigte van sodanige skade of besering of enige eise wat daaruit mag voortspruit.

Hoe dikwels Verwyderings geskied en Aard van Afval

26. Ondanks enige andersluidende bepaling, bepaal die Raad hoe dikwels verwydering moet geskied en wat die aard van enige afval is.

Ophoping van Afval

27.(1) Waar enige afval op 'n perseel ophoop sodat dit verwyder moet word, kan die Raad sodanige afval verwyder en is die eienaar of okkupant van sodanige perseel teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die gelde vir sodanige verwydering en wegdoening.

Aansoek om die Lewering of Staking van 'n Diens

28.(1) 'n Aansoek om die lewering of staking van 'n diens wat ingevolge hierdie verordeninge gelewer word, moet deur die eienaar of okkupant van 'n perseel of hul gevolmagtigde skriftelik of op enige ander wyse soos deur die Raad bepaal, gedoen word.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), word 'n diens ten opsigte van die verwydering van huis- of besigheidsafval nie gestaak nie, alvorens 'n skriftelike kennisgewing van die eienaar van 'n perseel deur die Raad ontvang is, dat sodanige afval nie meer op die perseel ontstaan nie, of indien dit vir die Raad blyk dat sodanige afval nie meer op die perseel ontstaan nie.

Gelde

29.(1) Die persoon aan wie die Raad 'n diens ingevolge hierdie verordeninge gelewer het, is behoudens andersluidende bepalings van hierdie verordeninge, teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die gelde vir sodanige diens.

(2) Die maandelikse gelde is betaalbaar totdat die Raad die kennisgewing wat in artikel 28 genoem word, ontvang of totdat die Raad van mening is dat daar nie meer huis- of besigheidsafval op die perseel ontstaan nie.

(3) Vir die doeleindes van die berekening van die maandelikse gelde betaalbaar ingevolge hierdie verordeninge, beteken "maand" 'n kalendermaand: Met dien verstande dat 'n gedeelte van 'n maand as 'n volle maand beskou word.

(4) Die Raad het te eniger tyd die reg om gelde ten opsigte van 'n diens wat ingevolge hierdie verordeninge aan enige perseel gelewer word, te het, alhoewel daar geen aansoek van die eienaar of okkupant van sodanige perseel vir die lewering van die diens, deur die Raad ontvang is nie.

(5) Iemand wat versuim om die gelde wat gehef is ten opsigte van dienste wat deur die Raad gelewer is, te betaal, begaan 'n misdryf.

Oortredings en Strafbepalings

30.(1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is, behoudens die bepalings van artikel 22(3), by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf.

(2) Iemand wat voortgaan om 'n bepaling van hierdie verordeninge te oortree of te versuim om daaraan te voldoen, word geag ten aansien van elke tydperk van 24 uur of 'n gedeelte daarvan, wat die oortreding voortduur, 'n afsonderlike misdryf te begaan het en is by skuldigbevinding vir elke afsonderlike misdryf strafbaar soos omskryf in subartikel (1).

Herroeping van Verordeninge

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Komatiepoort, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 218 van 25 Maart 1953, word hierby herroep.

K H J VAN ASWEGEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 146
Komatipoort
1340
Kennisgewing No. 32/1990

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 569

NOTICE 1 OF 1991

KRUGERSDORP AMENDMENT SCHEME 264

Notice is hereby given in terms of section 57(1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that the Town Council of Krugersdorp has approved the amendment of Krugersdorp Town Planning Scheme, 1980, by the rezoning of erven 2073 to 2082 Noordheuwel 10 to "Residential 2."

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Town Clerk, Krugersdorp and the Executive Director: Community Services, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Krugersdorp Amendment Scheme 264.

I S JOOSTE
Town Secretary

PO BOX 94
Krugersdorp 1740

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 569

KENNISGEWING 1 VAN 1991

KRUGERSDORP WYSIGINGSKEMA 264

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekend gemaak dat die Krugersdorp Stadsraad goedgekeur het dat die Krugersdorp Dorpsbeplanningskema, 1980, gewysig word deur die hersonering van erwe 2073 tot 2082 Noordheuwel 10 na "Residensieel 2."

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Stadsklerk, Krugersdorp en die Uitvoerende Direkteur: Tak Gemeenskapsdienste, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Krugersdorp Wysigingskema 264.

POSBUS 94
Krugersdorp 1740

I S JOOSTE
Stadsekretaris

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 570

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG

DETERMINATION OF CHARGES PAYABLE IN TERMS OF CEMETERY BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, the Town Council of Lichtenburg has by Special Resolution amended the tariff of charges payable in terms of the Cemetery By-Laws as published under Administrator's Notice 200 of 10 June 1942, as amended, further as follows:

"1. By the substitution for item (1) and (2) under 'Tariff for placing ashes of deceased' of the following:

(1) Placing of first ash: R500,00

(2) Placing of second ash: R200

2. By the insertion of the following in the schedule: Tariff for approval to erect a tombstone:

(1) Monumental sections:

(i) Single grave: R40,00

(ii) Double grave: R80,00

(2) Aesthetical sections:

(i) Single grave: R30,00

(ii) Double grave: R60,00

Civic Centre
Melville Street
Lichtenburg
13 February 1991
Notice No. 4/1991

P J JURGENS
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 570

STADSRAAD VAN LICHTENBURG

VASSTELLING VAN GELDE BETAALBAAR INGEVOLGE BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 17 van 1939 dat die Stadsraad van Lichtenburg by Spesiale Besluit die Tarief van Gelde betaalbaar ingevolge die Begraafplaasverordeninge soos afgekondig per Administrateurskennisgewing 200 van 10 Junie 1942, soos gewysig met ingang van 1 Januarie 1991 verder soos volg gewysig het:

"1. Deur punte (1) en (2) onder 'Tarief vir plasing van asse van afgestorwenes' in die bylae met die volgende te vervang:

(1) Plasing van eerste as: R500,00

(2) Plasing van tweede as: R200,00

2. Deur die volgende in die bylae by te voeg:

Tarief vir goedkeuring om 'n gedenksteen op te rig:

(1) Monumentale afdelings:

(i) Enkelgraf: R40,00

(ii) Dubbelgraf: R80,00

(2) Estetiese afdelings:

(i) Enkelgraf: R30,00

(ii) Dubbelgraf: R60,00

P J JURGENS
Stadsklerk

Burgersentrum
Melvillestraat
Lichtenburg
Kennisgewing No. 4/1990

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 571

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG

AMENDMENT OF STANDARD LIBRARY BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance 17 of 1939 that the Town Council of Lichtenburg amended the tariffs of the Standard Library By-Laws as promulgated under Administrator's Notice 218 of 23 March 1966, as amended, further as follows:

1. By the substitution in item 3(5)(a) for the amount of "nine cents" of the amount of "fifty cents"

2. By the substitution in item 15 of the amount of "fifty rand" of the amount of "one hundred rand"

3. By the insertion of the following as section 16(1) and (2) after section 15:

"Fotostatic Copies:

16(1) The amount of twenty cents per A4 and thirty cents per A3 copy is payable for copies from any library book for educational purposes.

(2) The amount of forty cents per A4 and eighty cents per A3 copy is payable for any copy not mentioned in (1)

P J JURGENS
Town Clerk

Civic Centre
Melville Street
Lichtenburg
Notice No 2/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 571

STADSRAAD VAN LICHTENBURG

WYSIGING VAN STANDAARD BIBLIOTEEKVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, dat die Stadsraad van Lichtenburg die tariewe soos vervat in die Standaardbiblioteekverordeninge soos afgekondig per Administrateurskennisgewing 218 van 23 Maart 1966, soos gewysig, met ingang van 1 Desember 1990 soos volg verder gewysig het:

1. Deur in item 3(5)(a) die bedrag van "nege sent" met "vyftig sent" te vervang.

2. Deur in item 15 die bedrag van "vyftig rand" met "een honerd rand" te vervang.

3. Deur die volgende as Artikel 16(1) en (2) na Artikel 15 in te voeg:

"Fotostatiese afdrukke:

16(1) Die bedrag van twintig sent per A4 en dertig sent per A3 afdruk is betaalbaar vir afdrukke uit enige biblioteekboek vir opvoedkundige doeleindes.

(2) Die bedrag van veertig sent per A4 en tagtig sent per A3 afdruk is betaalbaar vir enige afdrukke nie in (1) genoem nie.

Burgersentrum
Melvillestraat
Lichtenburg
Kennisgewing 2/191

P J JURGENS
Stadsklerk

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 572

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG

AMENDMENT OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY

Notice is hereby given in terms of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance 17 of 1939, that the Town Council of Lichtenburg has by Special Resolution and with effect from 1 January 1991 amended the Tariff of Charges for the supply of electricity as follows:

"Tariff 1 — Residence — 12,365c per unit

Tariff 2 — Business — 16,958c per unit

Tariff 3 — Industry — 8,125c per unit

Tariff 7 — Boikhutso — 13,5c per unit

kVA — R22,35

Basic — R22,35

Civic Centre
Melville Street
Lichtenburg
Notice No 6/1991

P J JURGENS
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 572

STADSRAAD VAN LICHTENBURG

WYSIGING VAN GELDE VIR DIE VERSKAFFING VAN ELEKTRISITEIT

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939 dat die Stadsraad by Spesiale Besluit en met ingang van 1 Januarie 1991 die Tarief van Gelde vir die verskaffing van Elektrisiteit soos volg gewysig het:

"Deur die toeslag van 37,94% oral waar dit in die tariewe voorkom met die volgende te vervang:

Tarief 1 — Woonhuise — 12,365c per eenheid

Tarief 2 — Besighede — 16,958c per eenheid

Tarief 3 — Industrieë — 8,125c per eenheid

Tarief 7 — Boikhutso — 13,5c per eenheid

kVA — R22,35

Basies — R22,35

PJ JURGENS
Stadsklerk

Burgersentrum
Melvillestraat
Lichtenburg
Kennisgewing No 6/1991

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 573

LOCAL AUTHORITIES RATING

LOCAL AUTHORITY OF MAKWASSIE NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL VALUATION ROLL:

(Regulation 5)

Notice is hereby given in terms of section 12(1)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the provisional valuation roll for the financial years 1991 to 1995 is open for inspection at the office of the Local Authority of Makwassie from 13 February 1991 to 15 March 1991 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional valuation roll/provisional supplementary valuation roll as contemplated in section 10 of the said Ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

W P VAN STADEN
Town Clerk

P O Box 2
Makwassie
1 February 1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 573

EIENDOMSBELASTING VAN PLAASLIKE BESTURE:

PLAASLIKE BESTUUR VAN MAKWASSIE KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE WAARDERINGSLYS AANVRA:

(Regulasie 5)

(a) enter any office or enclosed place where entry is prohibited by means of a notice displayed in a conspicuous position, except on business connected with such cemetery;

(b) solicit any business, or exhibit, distribute or leave any tract, business card or advertisement;

(c) sit, stand, climb opon, or deface or damage any memorial work or Council property;

(d) commit any offensive, indecent or objectionable act or any act which constitutes a nuisance or causes a disturbance;

(e) introduce any animal without the consent of the officer in charge;

(f) hold or take part in any demonstration;

(g) remove any plant or part thereof without the consent of the officer in charge;

(h) drive or park any vehicle without the prior consent of the officer in charge on any road where driving or parking is prohibited by means of a notice displayed in a conspicuous position or drive or park any vehicle contrary to any direction of the officer in charge;

(i) drive any vehicle or ride any bicycle at a speed exceeding 20 km per hour;

(j) obstruct, resist or oppose the officer in charge or any member of his staff in the exercising of his powers or the performance of his duties under these by-laws, or refuse to comply with any lawful order or request of the officer in charge or any member of his staff;

(k) play or cause to be played any musical instrument or apparatus without the prior consent of the officer in charge;

(l) play any sport or conduct himself in a manner not in keeping with the atmosphere of the cemetery.

Liability of the Council in Respect of Injury or Damage

28. The Council shall not be liable for any injury to a person or damage to any property if such injury or damage has been sustained in a cemetery, except where such injury or damage was caused by the wilful misconduct of or a negligent act of ommission by an employee of the Council.

Free Burial

29. If a person has died in indigent circumstances, and if no relative or other person can be found to bear the burial costs of such deceased person, the Council may inter such body free of charge.

Cemetery Hours

30. Every cemetery shall be open to the public during such hours as are indicated on a notice board at each gate of such cemetery: Provided that the officer in charge shall be entitled at any time to close off any cemetery or part thereof to the public for such period and for such purpose as he may deem fit.

Repeal of By-laws

31. The Cemetery Regulations of the Swartruggens Municipality, published under Administrator's Notice 187, dated 9 April 1927, as amended, are hereby repealed.

Municipal Offices
PO Box 1018
Swartruggens
13 February 1991
Notice No. 16/1990

J.J. MOMBERG
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 619

DORPSRAAD VAN SWARTRUGGENS

BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Swartruggens publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

HOOFSTUK I

Woordomskrywing

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"begraafplaas" enige stuk grond of gedeelte daarvan in die Munisipaliteit wat die Raad as begraafplaas afgesonder het;

"beheerbeampte" enigiemand wat deur die Raad gemagtig is om in beheer van 'n begraafplaas te wees;

"gedenkwerk" enige grafsteen, monument gedenkplaat of iets soortgelyks wat opgerig is of bedoel is om opgerig te word in 'n begraafplaas ter nagedagtenis aan 'n oorledene en dit sluit in 'n randsteen wat 'n graf afbaken en 'n plat blok op 'n graf;

"gelde" die tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel;

"inwoner" enige een wat ten tyde van sy dood gewoonweg in die Munisipaliteit woonagtig was, of minstens ses maande onmiddellik voor soda-

ige datum van eienaar van vaste eiendom in die munisipaliteit was, uitgesluit pasiënte of inwoners van hospitale of klinieke wat tydelik in die regsgebied van die munisipaliteit vertoef;

"kind" 'n oorledene wat nie 'n volwassene is nie en sluit 'n doodgebore kind in;

"lyk" die stoflike oorskot van enige oorledene;

"munisipaliteit" die gebied onder die beheer en die jurisdiksie van die Raad, asook enige buitegebied soos beoog by artikel 7(b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939);

"nie-inwoner" enige een wat ten tyde van sy dood nie 'n inwoner was nie;

"perseel" enige stuk grond wat in enige begraafplaas uitgelê is vir ten minste twee en hoogstens tien aangrensende grafte waarvoor die uitsluitlike reg om daarin te laat begrawe ingevolge hierdie verordeninge verkry is;

"Raad" die Dorpsraad van Swartruggens, die Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdheid wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is, en enige beampte aan wie die Bestuurskomitee ingevolge subartikel (3) van die voormelde artikel op gesag van die Raad bevoegdhede, pligte en funksies wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer en dit inderdaad gedelegeer het;

"Registrateur van Sterfgevalle" enige iemand wat ingevolge die Wet op Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963), as Registrateur van Sterfgevalle aangestel is;

"regulasie" 'n regulasie wat ingevolge die Ordonnansie afgekondig is;

"volwassene" 'n oorledene bo die ouderdom van 12 jaar en enige oorledene wie se doodskis nie pas in 'n uitgrawing wat 1 400 mm lank en 400 mm breed is nie;

"werksure" Maandag tot Vrydag tussen die ure 07h00 en 17h00 met die uitsondering van publieke vakansiedae.

HOOFSTUK II

INLEIDING

Wegdoen van Lyk

2. Niemand mag, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad, 'n lyk op 'n ander wyse wegdoen of probeer wegdoen as om dit in 'n begraafplaas te laat begrawe nie.

HOOFSTUK III

BEGRAWINGS

Toestemming van Begrawing

3.(1) Niemand mag 'n lyk in enige begraafplaas begrawe of laat begrawe sonder die toestemming van die beheerbeampte of sonder om met sodanige beampte 'n datum en tyd vir die begrawing te reël nie.

(2) Sodanige toestemming word nie verleen tensy—

(a) 'n begrafnisorder ingevolge die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, uitgereik en aan die beheerbeampte getoon is;

(b) 'n aansoek ingevolge artikel 4 ingedien is.

(3) Wanneer die beheerbeampte oorweeg of die toestemming waarna in subartikel (1) verwys word, moet verleen of weier moet hy die gebruike van diegene wat van die begraafplaas gebruik maak, in aanmerking neem.

4.(1) Enige een wat 'n lyk wil laat begrawe moet ingevolge die bepaling van subartikels (2) en (3) by die beheerbeampte 'n aansoek indien wat voltooi is in die vorm soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, en onderteken is deur die naaste oorlewende verwant van die oorledene of die persoon wat deur sodanige verwant gemagtig is, of indien die beheerbeampte oortuig is dat die handtekening van sodanige verwant of behoorlik gemagtigde persoon nie betyds verkry kan word nie, onderteken deur enige ander persoon wat die beheerbeampte oortuig van sy identiteit en belang by die betrokke begrawing.

(2) Onderworpe aan die bepalings van subartikel (3), moet elke aansoek om begrawing minstens vier en twintig uur voor sodanige begrawing ingedien word.

(3) Kennis van uitstel of kansellering van 'n begrawing moet minstens drie ure voordat die begrawing plaasvind aan die beheerbeampte voorsien word.

Begrawing slegs in Toegekende Graf

5. Onderworpe aan die bepalings van hierdie verordeninge mag geen begrawing plaasvind in 'n graf wat nie deur die beheerbeampte toegeken is nie.

Oordrag of Wegdoen van Regte

6.(1) Enige persoon kan 'n private reg op 'n graf of grafte in die begraafplaas verkry teen betaling van die voorgeskrewe gelde nadat 'n aansoekvorm soos uiteengesit in Bylae C voltooi en deur die beheerbeampte goedgekeur is.

(2) Enige houer van 'n graf kan sy regte op 'n private graf skriftelik aan enige persoon oordra: Met dien verstande dat sodanige oordrag nie geldig is nie, tensy—

(a) 'n afskrif van die dokument waarby oordrag gemagtig word, aan die beheerbeampte verskaf is; en

(b) die toepaslike voorgeskrewe geld betaal is nie.

(3) Indien die Raad vanweë die dood of die permanente afwesigheid uit die Republiek van Suid-Afrika van 'n aansoeker soos beoog by artikel 4(1), of die houer van 'n graf, of om 'n ander grondige rede, daarvan oortuig is dat sodanige persoon nie sy regte om 'n publieke graf tot 'n private graf te laat omskep, of sy regte ten opsigte van 'n private graf, sal uitoefen nie, kan die Raad sodanige graf aan enige iemand anders verkoop teen betaling deur sodanige persoon van die toepaslike voorgeskrewe gelde.

Latere Begrawing

7.(1) Hoogstens twee begrawings mag in enige graf plaasvind: Met dien verstande dat indien die houer van 'n graf 'n tweede begrawing op 'n latere stadium beoog, die graf ingevolge artikel 9 dieper gemaak moet word tydens die eerste begrawing.

(2) Enige houer van 'n graf wat 'n lyk as 'n tweede begrawing in 'n graf wil laat begrawe, moet—

(a) alle gedenkwerk op sodanige graf op sy eie koste verwyder en aan enige vereistes van die beheerbeampte ten opsigte van sodanige verwydering voldoen;

(b) nadat daar aan paragraaf (a) voldoen is, minstens vier en twintig uur skriftelik in die vorm wat die Raad bepaal, van sodanige begrawing aan die beheerbeampte kennis gee, en die tydperk sluit nie Saterdag, Sondag of 'n openbare vakansiedag in nie.

(3) Die kennisgewing waarna in subartikel (2)(b) verwys word, moet vergesel wees van 'n skriftelike bewys van die houer se regte op die betrokke graf, asook van die toepaslike gelde betaalbaar.

Afmetings van Grafte

8. Behoudens die bepalings van artikel 9—

(a) moet die graf van 'n volwassene 2 100 mm lank en 900 mm breed, gemeet op grondvlak en 1 800 mm diep uitgegrawe wees; en

(b) moet 'n kindergraf 1 500 mm lank en 600 mm breed, gemeet op grondvlak en 1 500 mm diep uitgegrawe wees.

Groter Maak van Uitgrawings

9.(1) Ondanks die bepalings van artikel 8—

(a) kan die uitgrawing van die graf van 'n volwassene, indien 'n doodkis te groot is om daarin te pas, groter gemaak word sodat die doodkis daarin kan pas; en

(b) kan 'n private graf op versoek van 'n aansoeker beoog by artikel 7 dieper gemaak word sodat 'n tweede lyk daarin begrawe kan word.

(2) Indien die uitgrawing van 'n graf groter of dieper gemaak moet word soos beoog by subartikel (1), moet die beheerbeampte dienooreenkomstig verwittig word minstens vier en twintig uur voor die begrawing: Met dien verstande dat die tydperk Saterdag, Sondag en 'n openbare vakansiedag uitsluit en sodanige kennisgewing moet vergesel wees van die betaling van die toepaslike voorgeskrewe gelde.

Bedekking van Doodkiste

10.(1) Daar moet minstens 1 200 mm grond tussen die doodkis van 'n volwassene en die oppervlak wees en minstens 900 mm grond in die geval van 'n kind se doodkis.

(2) Minstens 300 mm grond moet onmiddellik na begrawing oor 'n doodkis geplaas word.

Konstruksie van doodkiste

11. Geen doodkis wat bedoel is om in 'n graf geplaas te word, mag van enige ander materiaal as natuurlike hout of 'n ander ontbindbare materiaal gemaak wees nie.

HOOFSTUK IV

BEGRAFNISSE

Godsdienstige of Gedenkdienste

12. Onderworpe aan die opdragte van die beheerbeampte mag 'n godsdienstige seremonie of gedenkdiens in enige begraafplaas gehou word.

Beheer oor Lykswaens

13. Niemand mag in 'n begraafplaas 'n lykswa bestuur of enige lykswa laat bestuur elders as op 'n gedemarkeerde pad of enige lykswa in sodanige pad laat of ophou, na verwydering van die kis uit sodanige lykswa.

Vervoer van Lyke

14. Niemand mag in enige straat, begraafplaas of ander openbare plek 'n lyk op 'n onbetaamlike wyse vervoer nie.

Voldoening aan Opdragte by Begrafnis

15. Enige een wat aan 'n begrafnisstoet of seremonie in 'n begraafplaas deelneem, moet aan enige redelike opdrag van die beheerbeampte voldoen.

Begrafnisure

16.(1) Geen begrafnis mag op enige Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag plaasvind nie en ook nie op enige ander dag voor 09h00 of na 17h00 nie en enige begrafnis wat na bogenoemde tyd eindig, of op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag plaasvind, word geag 'n laat begrafnis te wees en is onderworpe aan die betaling van bykomende gelde soos deur die Raad bepaal.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), kan die beheerbeampte by wie aansoek gedoen word, indien hy daarvan oortuig is dat dit 'n

noodgeval is, na betaling van die toepaslike voorgeskrewe gelde, 'n begrawing toelaat gedurende die tye wat by subartikel (1) verbied word: Met dien verstande dat geen sodanige bedrag betaalbaar is ten opsigte van 'n begrawing in 'n begraafplaas of gedeelte van 'n begraafplaas wat vir die begrawing van Moslems of Hindoes opsy gesit is nie, indien die aansoeker die verantwoordelikheid om die graf op te vul op hom neem en die graf tot bevrediging van die beheerbeampte opgevul word.

HOOFSTUK V

HEROPENING VAN GRAFTE EN OPGRAWINGS

Opgrawings Voorwaardes

17.(1) Niemand mag —

(a) sonder die voorafverkreë toestemming van die Raad en die goedkeuring van die Administrateur van Transvaal ingevolge die Ordonnansie op die Verwydering van Dooie Liggame en Grafte, 1925 (Ordonnansie 7 van 1925), 'n lyk opgrawe of laat opgrawe nie;

(b) gedurende enige tydperk wanneer die begraafplaas vir die publiek oop is 'n lyk opgrawe of laat opgrawe nie.

(2) Indien die stoflike oorskot uit enige graf opgegrawe moet word, moet die beheerbeampte die graf laat uitgrawe vir sodanige opgrawing maar hy mag nie 'n lyk uit die graf verwyder nie.

(3) Indien 'n graf vir opgrawingsdoeleindes uitgegrawe moet word, moet minstens agt en veertig uur skriftelike kennis van die beoogde opgrawing aan die beheerbeampte gegee word, en sodanige kennisgewing moet vergesel wees van die toepaslike voorgeskrewe gelde.

(4) Die graf waaruit 'n lyk opgegrawe gaan word, moet gedurende die opgrawing toereikend afgeskerm word en 'n houer vir die lyk moet verskaf word deur die persoon wat sodanige opgrawing doen.

(5) Die persoon wat sodanige opgrawing doen, moet sorg dat die lyk en die graf behoorlik ontsmet en ontreuk word.

Herbegrawing deur die Raad

18. Indien die opgrawing van 'n lyk na die mening van die Raad raadsaam of nodig is, of indien 'n lyk strydig met hierdie verordeninge in 'n graf begrawe is, kan die Raad, onderworpe aan die bepalings van die Ordonnansie op die Verwydering van Dooie Liggame en Grafte, 1925 (Ordonnansie 7 van 1925), sodanige lyk opgrawe en in 'n ander graf begrawe: Met dien verstande dat, indien moontlik, 'n bloedverwant van die oorledene van die beoogde herbegrawing in kennis gestel moet word en sodanige bloedverwant is geregtig om sodanige herbegrawing by te woon.

HOOFSTUK VI

VERSORGING VAN GRAFTE

Tuinmaak op Grafte en Voorwerpe op Grafte

19.(1) Niemand behalwe die Raad mag tuinmaak op grafte nie.

(2)(a) Niemand mag, gedurende die eerste agt en twintig dae na 'n begrawing in 'n graf, enige voorwerp of versiering daarop plaas, oprig of laat oprig nie.

(b) Ondanks die bepalings van paragraaf (a), kan natuurlike of kunsblomme en die houers waarin hulle bevat is, te eniger tyd op 'n graf geplaas word: Met dien verstande dat natuurlike of kunsblomme op 'n graf met 'n berm alleenlik geplaas mag word in 'n houer wat geplaas is in die holte wat in die berm of grafsteen aangebring is.

(c) Die beheerbeampte of enige lid van sy personeel kan natuurlike of kunsblomme en enige ander houer wat op 'n graf geplaas is, verwyder wanneer dit verwelk, verbleik of beskadig is.

HOOFSTUK VII

GEDENKWERK

Oprigting of Heroprigting van Gedenkwerk

20.(1) Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die beheerbeampte enige gedenkwerk in 'n begraafplaas inbring met die doel om gedenkwerk op te rig nie.

(2) Aansoeke om toestemming ingevolge subartikel (1) moet minstens vyf werksdae voor die beoogde oprigtingsdatum by die beheerbeampte gedoen word in die vorm wat die Raad bepaal, en is onderhewig aan die betaling van die voorgeskrewe gelde.

(3) Indien gedenkwerk vir bykomende inskripsies of ander wysigings daarvan verwyder word, is die bepalings van subartikel (2) *mutatis mutandis* van toepassing.

(4) Behalwe met die toestemming van die beheerbeampte mag geen word aan enige gedenkwerk op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag, of te eniger tyd tussen 17h00 en 09h00 verrig word nie.

(5) Niemand mag te eniger tyd enige gedenkwerk oprig of heroprig wanneer die grond waarop sodanige gedenkwerk opgerig of heropgerig gaan word na die mening van die beheerbeampte nie in 'n geskikte toestand is nie.

(6) Die persoon in beheer van die oprigting of heroprigting van enige gedenkwerk moet die skriftelike toestemming waarna in subartikel (2) verwys word, op versoek van die beheerbeampte toon.

(7) Geen gedenkwerk of materiaal vir gebruik in verband daarmee mag op so 'n wyse in 'n begraafplaas vervoer word dat dit die paaie of die terrein kan beskadig nie.

(8) Enige oorskot materiaal, rommel of puin wat uit die oprigting of heroprigting van enige gedenkwerk voorspruit, moet onmiddellik verwyder word deur die pesoon wat vir sodanige oprigting verantwoordelik is.

(9) Geen gedenkwerk langer as 765 mm, gemeet vanaf die koppenent en langs die lengte van 'n graf mag opgerig word nie en al die toepaslike voorgeskrewe gelde betaal is nie: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is op 'n graf waarin 'n lyk voor 1 Julie 1989 begrawe is of voor die datum in 'n private graf omskep is nie.

Minderwaardige Gedenkwerk

21. Die Raad kan die oprigting of heroprigting van enige beoogde gedenkwerk wat na sy mening van minderwaardige vakmanskap of kwaliteit is, of wat 'n begraafplaas op enige wyse hoegenaamd kan ontsier, verbied.

Inskripsies op Gedenkwerk

22.(1) 'n Gedenkwerk op 'n graf moet aan die onderent, op die sykant, en op 'n gedenkplaat op 'n graf op die oppervlakte van sodanige plaat in die onderste linkerhoek 'n duidelike en permanente nommer op hê wat die beheerbeampte aan die betrokke graf toegeken het.

(2) Die enigste besonderhede van die vervaardiger van gedenkwerk wat daarop mag verskyn, is sy naam wat onderaan die gedenkwerk geplaas moet word.

Aftakeling van Gedenkwerk

23.(1) Onderworpe aan die bepalings van hierdie artikel mag niemand, behalwe die houer van 'n grafperseel of persoon deur sodanige houer gemagtig, enige gedenkwerk op 'n graf aftakel, verander of versteur nie en sodanige houer of persoon mag slegs met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die beheerbeampte aldus handel.

(2) Geen afgetakelde gedenkwerk mag in enige gedeelte van die begraafplaas behalwe op die graf waarop sodanige gedenkwerk opgerig was, gelaat word nie: Met dien verstande dat die beheerbeampte in die geval van 'n tweede begrawing in sodanige graf kan toelaat dat sodanige gedenkwerk aldus, in die begraafplaas gelaat word vir 'n tydperk van hoogstens dertig dae na sodanige begrawing.

(3) Indien 'n houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, versuim om afgetakelde gedenkwerk weer op te rig binne ses (6) maande nadat dit afgetakel is of indien sodanige gedenkwerk teenstrydig met subartikel (2) in die begraafplaas gelaat word, kan die Raad aan sodanige houer of persoon dertig dae skriftelike kennis gee waarin van hom vereis word om op sy eie koste sodanige gedenkwerk saam met al die rommel in verband daarmee uit die begraafplaas te verwyder.

(4) Indien enige gedenkwerk na die mening van die Raad 'n gevaar vir die publiek geword het, strydig met hierdie verordeninge opgerig is, of beskadig is. kan die Raad aan die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, skriftelike kennis gee en van hom vereis om binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing verstrek word, op sy eie koste sodanige gedenkwerk veilig te maak of dit te verander sodat dit aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen of om sodanige gedenkwerk af te takel en saam met die rommel in verband daarmee uit die begraafplaas te verwyder.

(5) Indien sodanige houer of persoon versuim om aan 'n kennisgewing ingevolge subartikel (3) of (4) te voldoen, kan die Raad, sonder dat hy aanspreeklik word vir die betaling van vergoeding—

(a) die betrokke gedenkwerk heroprig; of

(b) die betrokke gedenkwerk aftakel en rommel in verband daarmee verwyder; of

(c) die betrokke gedenkwerk veilig maak;

en sodanige houer of persoon is aanspreeklik vir enige koste wat die Raad aangaan wanneer hy stappe ingevolge hierdie subartikel doen.

(6) Indien enige gedenkwerk na die mening van die Raad so 'n gevaar vir die publiek geword het dat onmiddellike stappe vir die beveiliging van die publiek noodsaaklik is, kan die Raad, sonder om enige kennisgewing aan die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word te gee en sonder dat die Raad aanspreeklik word vir die betaling van enige vergoeding—

(a) die betrokke gedenkwerk aftakel en die verwyder saam met enige rommel in verband daarmee; of

(b) die gedenkwerk veilig maak.

(7) Indien die Raad ingevolge subartikel (6) opgetree het, moet hy onmiddellik die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, skriftelik in kennis stel van die werk wat hy gedoen het en indien gedenkwerk ingevolge subartikel (6)(a) afgetakel is, hom daarvan in kennis stel dat, tensy hy die gedenkwerk opeis en uit die begraafplaas verwyder binne 'n redelike tydperk wat in die kennisgewing verstrek word, die Raad dit self sal wegdoen.

(8) Sodanige houer of persoon is aanspreeklik vir enige koste wat die Raad aangaan in verband met stappe wat ingevolge subartikel (6) gedoen is.

(9) Indien die houer of persoon waarna in subartikel (1) verwys word, versuim om die koste waarna in subartikel (8) verwys word, te betaal of gedenkwerk wat die Raad ingevolge subartikel (6)(a) afgetakel het, op te eis en te verwyder, kan die Raad sodanige gedenkwerk wegdoen op enige wyse wat hy goeddunk en indien sodanige wegdoening enige opbrengs lewer, moet dit gebruik word ter bestryding van die koste van die aftakeling, verwydering, opberging en wegdoening van sodanige gedenkwerk en rommel in verband daarmee.

Algemene Vereistes vir Gedenkwerk

24. Iemand wat gedenkwerk oprig of heroprig moet sorg dat—

(a) wanneer enige gedeelte van sodanige gedenkwerk aan enige ander gedeelte gelas word, dit gelas word met behulp van klampe van koper of gegalvaniseerde yster, penne of tapskroewe van ten minste 8 mm in deursnit wat lank genoeg is om te pas in gate wat nie, sonder die voorafverkreë toestemming van die beheerbeampte, minder as 50 mm diep mag wees nie;

(b) 'n fondament wat die beoogde gedenkwerk kan steun, vir sodanige gedenkwerk verskaf word;

(c) alle randstene haaks gemaak en gelê is ooreenkomstig die opdragte van die beheerbeampte sodat die randstene wanneer die grond daaromheen gelyk gemaak is, uiters 230 mm bo die grondvlak is; en

(d) indien los klipgruis op 'n graf geplaas word, die klipgruislaag oral minstens 10 mm laer moet wees as die omringende randsteen.

Vereistes vir Gedenkwerk

25. In 'n begraafplaas is die maksimum horisontale afmetings van enige gedenkwerk wat op 'n graf opgerig mag word soos volg—

(a) in die geval van 'n graf van 'n volwassene, 2 500 mm in die lengte en 1 050 mm in die breedte;

(b) in die geval van 'n kindergraf, 1 500 mm in die lengte en 600 mm in die breedte.

Toesig oor Werk

26. Iemand wat gedenkwerk in 'n begraafplaas oprig, moet dit doen onder die beheer en tot die bevrediging van die beheerbeampte.

HOOFSTUK VIII
ALGEMEEN

Verbodsbepalings

27.(1) Niemand—

(a) mag enige begraafplaas binnegaan of verlaat behalwe deur die hekke wat daarvoor verskaf is;

(b) onder die ouderdom van 12 jaar mag 'n begraafplaas betree nie, behalwe in die sorg van 'n persoon wat bo die ouderdom van 16 jaar is.

(2) Niemand mag in 'n begraafplaas—

(a) 'n kantoor of ingeslote ruimte binnegaan nie waar ingang verbied word by wyse van 'n kennisgewing wat op 'n opvallende plek vertoon word, behalwe op sake in verband met sodanige begraafplaas;

(b) besigheid dryf of 'n traktaat, besigheidskaart of advertensie vertoon, versprei of agterlaat nie;

(c) op 'n gedenkwerk of Raadseiendom sit, staan, klim of ontsier of beskadig nie;

(d) 'n hinderlike, onsedelike of aanstootlike daad of enige daad wat 'n oorlas is, of 'n steurnis veroorsaak, pleeg nie;

(e) 'n dier, sonder die toestemming van die beheerbeampte inbring nie;

(f) 'n demonstrasie hou of daaraan deelneem nie;

(g) 'n plant of gedeelte daarvan verwyder sonder die toestemming van die beheerbeampte nie;

(h) 'n voertuig sonder die voorafverkreë toestemming van die beheerbeampte bestuur of parkeer op enige pad waar sodanige bestuur of parkering verbied word by wyse van 'n kennisgewing wat op 'n opvallende plek vertoon word, of 'n voertuig strydig met 'n opdrag van die beheerbeampte bestuur of parkeer nie;

(i) 'n voertuig bestuur of 'n fiets ry teen 'n hoër snelheid as 20 km per uur nie;

(j) die beheerbeampte of 'n lid van sy personeel in die uitvoering van sy bevoegdhede of die uitvoer van sy pligte ingevolge hierdie verordeninge hinder, weerstaan of teenstaan of weier om te voldoen aan 'n wettige bevel of versoek van die beheerbeampte of 'n lid van sy personeel nie;

(k) 'n musiekinstrument of apparaat sonder die voorafverkreë toestemming van die beheerbeampte bespeel of laat bespeel nie;

(l) 'n sport beoefen of homself gedra op 'n wyse wat nie by die atmosfeer van die begraafplaas pas nie.

Aanspreeklikheid van die Raad vir Besering of Beskadiging

28. Die Raad is nie aanspreeklik vir enige besering van 'n persoon of beskadiging van enige eiendom indien sodanige besering van 'n persoon of beskadiging van enige eiendom opgedoen is in 'n begraafplaas, behalwe as sodanige besering of beskadiging veroorsaak is deur die opsetlike wangedrag of 'n nalatige handeling van 'n werknemer van die Raad.

Gratis Begrawing

29. Indien 'n armlastige sterf en geen familielid of ander persoon gevind kan word om die begrafniskoste van die oorledene te betaal nie, kan die Raad sodanige lyk gratis begrawe.

Begraafplaas-ure

30. Elke begraafplaas moet gedurende die ure wat aangedui word op 'n kennisgewingbord op elke hek van sodanige begraafplaas vir die publiek oop wees: Met dien verstande dat die beheerbeampte enige begraafplaas of gedeelte daarvan vir die publiek kan sluit vir sodanige tydperk en sodanige doeleindes as wat hy goeddunk.

Herroeping van Verordeninge

31. Die Begraafplaasregulasies van die Munisipaliteit van Swartruggens, afgekondig by Administrateurskennisgewing 187 van 9 April 1927, soos gewysig, word hierby herroep.

Munisipale Kantore
Posbus 1018
Swartruggens
2835
13 Februarie 1991
Kennisgewing No. 16/1990

J.J. MOMBERG
Stadsklerk

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 620

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK

DETERMINATION OF CHARGES FOR THE ISSUE OF CERTIFICATES AND THE FURNISHING OF INFORMATION

In terms of the provisions of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, as amended, it is hereby notified that the Town Council of Vanderbijlpark, has by Special Resolution, amended the charges for the Issue of Certificates and the Furnishing of Information published under Municipal Notice No. 62 of 1986, dated 21 September 1986, as amended, with effect from 1 November 1990, further as follows:

By the insertion after item 23 in the schedule of the Tariff of Charges of the following expression:

"24. Street maps

For the selling of street maps, per map: R2".

PO Box 3
Vanderbijlpark
1900
Notice No. 5/1991

C. BEUKES
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 620

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK

VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE EN VERSTREKKING VAN INLIGTING

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark, by Spesiale Besluit, die gelde betaalbaar vir die Uitreiking van Sertifikate en Verstrekking van Inligting afgekondig by Munisipale Kennisgewing No. 62 van 1986, gedateer 21 September 1986, soos gewysig, met ingang 1 November 1990 soos volg verder gewysig het:

Deur na item 23 in die bylae van die Tarief van Gelde die volgende uitdrukking in te voeg:

"24. Straatkaarte

Vir die verkoop van straatkaarte, per kaart: R2".

Posbus 3
Vanderbijlpark
Kennisgewing No. 5/1991

C. BEUKES
Stadsklerk

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 621

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK

DETERMINATION OF CHARGES: SWIMMING BATHS

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, as amended, it is hereby notified that the Town Council of Vanderbijlpark, has by Special Resolution, amended the tariffs of the Council's swimming baths published under Municipal Notice No. 75 of 1983, dated 21 September 1983, as amended, with effect from 1 October 1990, further as follows:

1. By the insertion in item 1 of the Tariff of Charges before the definition of "other schools" of the following definition:

"gala" a formal water competition under supervision of trained and qualified swimming bath personnel arranged to promote amateur sport on a competition basis with the written consent of the Head of Community Services in accordance with the conditions determined by the Council.

2. By the substitution for item 2(1)(c) of the Tariff of Charges of the following:

"Per school in Vanderbijlpark, private schools excluded: Provided that the application is subject to the written consent of the Head of Community Services in accordance with the conditions determined by the Council: R175,00.

Other schools and private schools: Provided that the application is subject to the written consent of the Head of Community Services in accordance with the conditions determined by the Council: R4 000,00".

3. By the substitution for item 4(4) of the Tariff of Charges of the following:

"The use of the swimming bath for galas is subject to the written consent of the Head of Community Services in accordance with the conditions determined by the Council:

(a) Use of the swimming bath for galas: Free.

(b) Entrance for competitors and officials to galas who can produce the proof as determined by the Council: Free.

(c) Entrance during the usual hours that the swimming bath is open to the public for all other persons who can produce the proof as determined by the Council that he/she is a bona fide spectator — the entrance fee applicable to a resident."

C. BEUKES
Town Clerk

PO Box 3
Vanderbijlpark
1900
Notice No. 6/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 621

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK

VASSTELLING VAN GELDE: SWEMBADDENS

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Besture, 17 van 1939, soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark, by Spesiale Besluit, die tariewe by die Raad se swembaddens afgekondig by Munisipale Kennisgewing No. 75 van 1983, gedateer 21 September 1983, soos gewysig, met ingang 1 Oktober 1990 soos volg verder gewysig het:

1. Deur in item 1 van die Tarief van Gelde *voor die omskrywing van "inwoner" die volgende* woordomskrywing in te voeg:

"gala" 'n formele waterkompetisie onder toesig van opgeleide en gekwalifiseerde swembadpersoneel gereël met die doel om amateursport op 'n kompetisiebasis te bevorder en waarvoor die skriftelike goedkeuring van die Hoof van Gemeenskapsdienste, ooreenkomstig die voorwaardes soos deur die Raad bepaal, verkry is.

2. Deur item 2(1)(c) van die Tarief van Gelde deur die volgende te vervang:

"Per skool in Vanderbijlpark, uitgesluit private skole: Met dien verstande dat die aansoek onderworpe is aan die skriftelike goedkeuring van die Hoof van Gemeenskapsdienste ooreenkomstig die voorwaardes soos deur die Raad bepaal: R175,00.

Ander skole en privaat skole: Met dien verstande dat die aansoek onderworpe is aan die skriftelike goedkeuring van die Hoof van Gemeenskapsdienste ooreenkomstig die voorwaardes soos deur die Raad bepaal: R4 000,00".

3. Deur item 4(4) van die Tarief van Gelde deur die volgende te vervang:

"Die gebruik van die swembad vir galas is onderworpe aan die skriftelike goedkeuring van die Hoof van Gemeenskapsdienste ooreenkomstig die voorwaardes soos deur die Raad bepaal:

(a) Gebruik van die swembad vir galas: Gratis.

(b) Toegang vir deelnemers en beamptes na galas na die toon van die bewys soos deur die Raad goedgekeur: Gratis.

(c) Toegang gedurende normale ure waartydens die swembad vir die publiek beskikbaar is, vir alle ander persone wat die bewys soos deur die Raad goedgekeur voorlê dat hy/sy 'n bona fide toeskouer is — die toegangsgelde soos op inwoners van toepassing."

C. BEUKES
Stadsklerk

Posbus 3
Vanderbijlpark
1900
Kennisgewing No. 6/1991

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 622

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK

VANDERBIJLPARK AMENDMENT SCHEME 117

It is hereby notified in terms of Section 57(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Council has approved the amendment of Vanderbijlpark Town-planning Scheme, 1987, by the rezoning of Erf 164, Vanderbijl Park South West 5 from "Residential 1" to "Residential 4".

Map 3 and scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Town Clerk, Vanderbijlpark, PO Box 3, Vanderbijlpark 1900, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme 117.

C. BEUKES
Town Clerk

13 February 1991
Notice No. 7/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 622

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK

VANDERBIJLPARK-WYSIGINGSKEMA 117

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekend gemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark die wysiging van die Vanderbijlpark-dorpsbeplanningskema, 1987, deur die hersonering van Erf 164, Vanderbijl Park South West 5 van "Residensieel 1" tot "Residensieel 4", goedgekeur het.

Kaart 3 en skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria en die Stadsklerk van Vanderbijlpark, Posbus 3, Vanderbijlpark 1900, in bewaring gehou en is gedurende normale kantoorure vir inspeksie beskikbaar.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Vanderbijlpark-wysigingskema 117.

C. BEUKES
Stadsklerk

13 Februarie 1991
Kennisgewing No. 7/1991

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 623

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING

DETERMINATION OF CHARGES PAYABLE IN TERMS OF THE BY-LAWS RELATING TO THE HIRE OF THE VEREENIGING CIVIC THEATRE

In terms of section 80(B) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Vereeniging has by special resolution dated 13 December 1990, determined the charges as set out in the schedule below, with effect from 1 January 1991.

SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

PART I

BASIC RENTAL

1. PERFORMANCES, PRESENTATIONS AND PRODUCTIONS OF BONA FIDE THEATRE NATURE

(1) During the evening from 17:30, per performance

(a) Professional groups, bodies or persons: R375.

(b) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R200.

(2) During the morning/afternoon, per performance

(a) Professional groups, bodies or persons: R300.

(b) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R125.

(3) Per week, from Monday to Saturday

(a) Professional groups, bodies or persons

(i) For a maximum of eight (8) performances, presentations and productions: R1 750.

(ii) Thereafter, per additional performance: R200.

(b) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons

(i) For a maximum of 8 (eight) performances, presentations and productions: R750.

(ii) Thereafter, per additional performance: R125.

(4) Contracting with professional services

In the case where an amateur group, educational, religious or welfare society purchases a professional presentation, production or performance, the rental shall be determined on the professional group basis, less a discount of 20 %.

2. PERFORMANCES, PRESENTATIONS AND PRODUCTIONS OF NON BONA FIDE THEATRE NATURE

(1) Non bona fide theatre productions (prize-givings, meetings, seminars, etc.) shall only be accommodated from Monday to Wednesday. Exceptions shall only be considered upon written request to the Director Civic Theatre.

(2) All preliminary bookings shall be confirmed by payment of the deposit within seven (7) days of preliminary bookings, failing which such preliminary booking shall be summarily cancelled.

(a) During the evening from 17:30, per performance:

(i) Professional groups, bodies or persons: R400.

(ii) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R200.

(b) During the morning/afternoon, per performance:

(i) Professional groups, bodies or persons: R300.

(ii) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R150.

3. DRESS REHEARSALS

(1) With or without setting of stage, per rehearsal until 23:30, not exceeding six hours.

(2) The tariff in terms of subitems (a) to (c) includes stage lighting but excludes the use of the auditorium.

(3) In the event of the auditorium being used for guests after the dress rehearsal, the non-ticket levy will be applicable. Arrangements must be made with the Director beforehand.

(4) If more than one rehearsal takes place on one day, tariffs will be charged per occasion.

(a) Professional groups, bodies or persons: R130.

(b) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R70.

(c) Sundays and public holidays: normal tariff plus R50.

4. NORMAL REHEARSALS

This includes the period for the setting of stage or setting of lighting and shall not exceed four hours.

(1) From 10:00 to 23:30

(a) Professional groups, bodies or persons: R110.

(b) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R60.

(c) Sundays and public holidays: normal tariff plus R30.

(2) Before 10:00 or after 23:30

Per hour: R15 additional.

5. FASHION DISPLAYS OR SIMILAR SHOWS

(1) Theatre

(a) For commercial purposes, per display: R275.

(b) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R135.

(2) Foyer

(a) For commercial purposes, per display: R175.

(b) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R60.

6. FOYER

(1) Exhibitions

(a) Exhibitions, per day (from 08:30 to 16:00 on weekdays and 08:30 to 11:30 on Saturdays — outside of these hours the levy on the services of supervisory staff will be applicable):

(i) If no sales take place: R60.

(ii) If sales take place: R40 plus 15 % of the total proceeds.

(2) Presentations

(a) Per occasion (meals, meetings)

(i) Any group, body or person: R100.

7. LUNCH HOUR CONCERTS OR SIMILAR THEATRE PRODUCTIONS, per presentation

(1) Professional groups, bodies or persons: R80.

(2) Amateur, educational, religious or welfare societies or persons: R50.

8. GREEN-ROOM

(1) Cast party after a performance, until 1:00, per hour: R10.

(2) Other presentations (conferences, meetings, etc) for a maximum of 35 persons, per hour: R15.

9. CIVIC THEATRE PRODUCTIONS

In the case of productions presented/purchased by the Civic Theatre Committee, no hiring or service charges shall be payable under Part 1.

PART 2

MINIMUM DIRECT COSTS

(PAYABLE IN ADDITION TO BASIC RENTAL)

1. SERVICES RENDERED

*(1) Stage Manager, per hour: R16,50.

*(2) Lighting Technician, per hour: R16,50.

*(3) Assistant Stage Manager, per hour: R16,50.

*(4) Sound Technicians, per hour: R15.

*(5) Spotlight Operators, per hour: R15.

*(6) Flymen, stagehands, per hour: R2.

(7) Fireman on duty, per performance/presentation: R30.

(8) Piano tuner: Actual tuning costs by piano tuner (to be appointed by Civic Theatre) shall be levied if so requested by hirer.

(9) Taxi costs for Black staff: Direct costs

(10) Sales: (Programmes, records, cassettes, etc): 15 % of the gross sales. (Sales are by Civic Theatre staff only. The necessary information must be submitted in writing to the Director at least two (2) days before the first show/presentation).

*PLEASE NOTE:

1. Tariffs marked with an * will be charged directly to the producer as time spent on the production.

2. Overtime is payable as defined: Over and above the show time, an hour before the show and half an hour after show, any further additional time is calculated at overtime of 1,33 hour.

3. Tariffs marked with an * will be doubled on Sundays and public holidays.

2. LEVIES

(1) Civic Theatre presentations

(a) In the case of presentations presented/bought by the Civic Theatre Committee, no levies or other fees shall be payable excepting for ad hoc staff required for the successful execution of the production, as deemed necessary by the Director.

(2) Computicket

(a) For all groups, bodies or persons: 5 % to Computicket on tickets sold on behalf of the hirer.

(3) Civic Theatre

(a) For all groups, bodies or persons: 7,5 % on total box office income to Vereeniging Civic Theatre.

(b) In the event where no admission for any show, presentation or production is levied: R75.

(4) Sales

(a) If any sales (of programmes, mementoes, records or items of whatever nature) take place: 15 % of the total income. (Such sales must be arranged with the Director at least two (2) days before the event and shall be undertaken by the Vereeniging Civic Theatre staff only)

3. EQUIPMENT

(1) Use of razzle-dazzle curtain, per presentation/show: R30.

(2) Use of follow spotlight, per hour: R6.

(3) Use of mirror ball, per occasion: R8.

(4) Use of ballet mats, per occasion: R90.

(5) Use of upright Yamaha piano, per day: R30.

(6) Use of Boudoir Yamaha grand piano, per day: R60.

(7) Use of smoke machines, per occasion: R25 plus the pro rata portion of the actual cost of oil used. (See materials used)

(8) Use of sound equipment, per hour or portion thereof: R5.

(9) Rental of decor: R25.

4. PRINTING AND PUBLICITY

(1) Actual cost as provided by printers and publishers.

(2) Insertion in theatre newsletter is provided at R20 per page, on condition that the information reaches the Vereeniging Civic Theatre, PO Box 35, Vereeniging, 1930 or Fax (016) 22-3201 before or on the closing date as furnished.

5. MATERIALS USED

Direct costs as furnished to the Civic Theatre in respect of any materials used for the accomplishment of the production.

(This determination replaces all previous determinations of charges in terms of the By-laws Relating to the Hire of the Vereeniging Civic Theatre).

C K STEYN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 35
Vereeniging
Notice No. 15/1991

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 623

STADSRAAD VAN VEREENIGING

VASSTELLING VAN TARIEWE BETAALBAAR INGEVOLGE DIE VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VERHUUR VAN VEREENIGING STADSKOUBURG

Ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Vereeniging by spesiale besluit gedateer 13 Desember 1990 die tariewe, soos in onderstaande bylae uiteengesit, met ingang 1 Januarie 1991 vasgestel het.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

DEEL I

BASIESE HUURGELDE

1. UITVOERINGS, AANBIEDINGS EN PRODUKSIES VAN 'N BONA FIDE TEATERAARD

(1) Gedurende die aand vanaf 17:30 per aanbieding

(a) Professionele groepe, liggame of persone: R375.

(b) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone: R200.

(2) Gedurende die oggend/middag, per aanbieding

(a) Professionele groepe, liggame of persone: R300.

(b) *Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone:* R125.

(3) Per week, vanaf Maandag tot Saterdag

(a) Professionele groepe, liggame of persone

(i) Vir 'n maksimum van agt (8) uitvoerings, aanbiedings en produksies, insluitend alle repetisies: R1 750.

(ii) Daarna, per addisionele opvoering: R200.

(b) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone

(i) Vir 'n maksimum van agt (8) uitvoerings, aanbiedings en produksies, insluitend alle repetisies: R750.

(ii) Daarna, per addisionele opvoering: R125.

(4) Kontraktering met professionele dienste

In die geval waar 'n amateurgroep, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasie 'n professionele aanbieding, op- of uitvoering koop, word die huurgelde op die professionele groepbasis bereken, minus 'n afslag van 20 %.

2. UITVOERINGS, AANBIEDINGS EN PRODUKSIES VAN 'N NIE-BONA FIDE TEATERAARD

(1) Nie-bona fide teaterproduksies (prysuitdelings, vergaderings, seminare, ens.) sal slegs vanaf Maandae tot Woensdae akkommodeer word. Uitsonderings sal slegs op skriftelike versoek, gerig aan die Direkteur Stadskouburg, oorweeg word.

(2) Alle voorlopige besprekings moet binne sewe (7) dae na voorlopige bespreking deur betaling van die deposito bevestig word, andersins word sodanige voorlopige bespreking summier gekanselleer.

(a) Gedurende die aand vanaf 17:30, per aanbieding:

(i) Professionele groepe, liggame of persone: R400.

(ii) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone: R200.

(b) Gedurende die oggend/middag, per aanbieding:

(i) Professionele groepe, liggame of persone: R300.

(ii) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone: R150.

3. KLEEDREPETISIES

(1) Met of sonder die set van die verhoog, per geleentheid tot 23:30, ses ure nie te oorskry nie.

(2) Die tarief ingevolge subitem (a) tot en met (c) sluit verhoogbeligting in, maar nie die gebruik van die gehoorsaal nie.

(3) Indien die gehoorsaal gebruik word vir gaste na die kleedrepetisie, word die nie kaartjie-heffing van toepassing. Hierdie reëlings moet vooraf met die Direkteur uitgeklaar word.

(4) Indien meer as een repetisie op een dag plaasvind, word tariewe per geleentheid gehef.

(a) Professionele groepe, liggame of persone: R130.

(b) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- *of welsynsorganisasies of persone:* R70.

(c) Sondae en openbare vakansiedae: normale tarief plus R50.

4. NORMALE REPETISIES

Hierdie sluit die tydperk in vir die set van verhoog of set van beligting en nie agt uur te oorskry nie.

(1) Vanaf 10:00 tot 23:30

(a) Professionele groepe, liggame of persone: R110.

(b) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone: R60.

(c) Sondae en openbare vakansiedae: normale tarief plus R30.

(2) Voor 10:00 of na 23:30

Per uur, R15 addisioneel.

5. MODE- EN SOORTGELYKE VERTONINGS

(1) Teater

(a) Vir kommersiële doeleindes, per aanbieding: R275.

(b) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone: R135.

(2) Voorportaal

(a) Vir kommersiële doeleindes, per aanbieding: R175.

(b) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone: R60.

6. VOORPORTAAL

(1) Uitstallings

(a) Uitstallings, per dag (vanaf 08:30 tot 16:00 op weeksdae en 08:30 tot 11:30 op Saterdae — buite hierdie ure sal die heffing op die diens van *toesighoudende personeel van toepassing wees):*

(i) Indien geen verkope plaasvind nie: R40 per dag.

(ii) Indien verkope plaasvind: R40 plus 15 % van die totale opbrengs.

(2) Aanbiedings

(a) Per geleentheid (etes, vergaderings)

(i) Enige groepe, liggame of persone: R100.

7. ETENSUURKONSERTE OF SOORTGELYKE TEATERPRODUKSIE, per aanbieding:

(1) Professionele groepe, liggame of persone: R80.

(2) Amateur-, opvoedkundige-, godsdienstige- of welsynsorganisasies of persone: R50.

8. GESELLIGHEIDSKAMER

(1) Toneelgeselligheid na afloop van 'n opvoering, tot 01:00, per uur: R10.

(2) Ander aanbiedinge (konferensies, vergaderings, ens) vir 'n maksimum van 35 persone, per uur: R15.

9. STADSKOUBURG AANBIEDINGS

In die geval van aanbiedings aangebied/aangekoop deur die Stadskouburgkomitee, sal geen huur of diensgelde bepaal onder Deel I betaalbaar wees nie.

DEEL 2

DIREKTE KOSTE

(BETAALBAAR BYKOMEND TOT BASIESE HUURGELD)

"meganiesbeheerde parkeerterrein" 'n parkeerterrein of gedeelte daarvan waar parkeerkaartjies uitgereik word en waar parkering van voertuie *geheel en al of gedeeltelik deur middel* van 'n meganiese toestel geskied of gereël word;

"parkeerbeheertoestel" enige toestel wat by of op 'n meganies-beheerde parkeerterrein aangebring is waardeur die parkeertermyn aangedui en gereguleer word;

"parkeerkaartjie" 'n kaartie wat van 'n parkeerbeheertoestel verkry word of daardeur verskaf *word en waarop die toelaatbare* parkeertermyn aangedui word;

"parkeertermyn" die tydperk wat 'n voertuig op een dag in of op 'n parkeerterrein geparkeer kan word, soos dit by Bylae I hierby voorgeskryf word;

"parkeerterrein" 'n stuk grond of 'n gebou wat die Raad as 'n parkeerterrein of -garage *waar lede van die publiek voertuie kan parkeer*, afgesonder het, of waaroor die Raad beheer het of verkry het, of daar nou al gelde vir die gebruik daarvan by hierdie verordeninge voorgeskryf word al dan nie;

"Raad" die Stadsraad van Witbank en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

"skut" enige gebied of plek wat deur die Raad afgesonder is vir die bewaring van voertuie wat ingevolge hierdie verordeninge van 'n parkeerterrein verwyder is;

"tarief" die tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad by spesiale besluit vasgestel ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939;

"voertuig" 'n selfaangedrewe toestel wat ontwerp of ingerig is om hoofsaaklik op wiele te loop, en wat gebruik word om mense of goedere mee te vervoer.

DEEL II

PARKEERTERREINE WAAR PARKEERKAARTJIES UITGEREIK WORD

PARKEERVOORWAARDES

2.(1) Behoudens die bepalings van artikel 5, mag niemand 'n voertuig in 'n parkeerterrein waar parkering deur middel van parkeerkaartjies gereël word, parkeer of laat parkeer of toelaat dat dit daar geparkeer of daar laat staan word nie —

(a)(i) tensy hy aan 'n gemagtigde werknemer die parkeertermyngeld wat ingevolge die tarief van gelde ten opsigte van sodanige parkeerterrein voorgeskryf is, betaal;

(ii) tensy hy, ten opsigte van 'n meganiesbeheerde parkeerterrein, die voorskrifte op die kennisgewingbord, die parkeerbeheertoestel en die parkeerkaartjie nakom, en sodanige toestel in werking stel;

(b) tensy die voertuig in 'n afgebakende ruimte en volgens die aanwysing van 'n gemagtigde werknemer geparkeer word of as daar nie sulke ruimtes afgebaken is nie, op 'n plek wat 'n gemagtigde werknemer aanwys;

(c) na afloop van die parkeertermyn waarvoor daar ingevolge die bepalings van paragraaf (a) betaal is, sonder om 'n verdere bedrag ingevolge die bepalings van artikel 3 te betaal;

(d) nadat 'n gemagtigde werknemer hom daarvan verwittig het dat die parkeerterrein vol is;

(e) tensy hy 'n parkeerkaartjie by 'n parkeerbeheertoestel of van 'n gemagtigde werknemer verkry het:

Met dien verstande dat ten opsigte van 'n parkeerkaartjie wat van die Verkeersafdeling van Witbank verkry is, hy slegs daarmee toegelaat word om sy voertuig in of op 'n parkeerterrein wat daarop aangedui word, te parkeer.

(2) Die gemagtigde werknemer moet by betaling van 'n geld ingevolge subartikel (1) aan die persoon wat die geld betaal, 'n kaartjie met 'n onderskeidingsnommer, die uitreikdatum, die bedrag wat betaal is en die Raad se naam daarop uitreik, en dié kaartjie verleen aan hom die reg om sy voertuig gedurende die parkeertermyn waarvoor hy die geld betaal het, in of op die betrokke parkeerterrein te parkeer.

(3) Iemand wat 'n voertuig in of op 'n parkeerterrein ooreenkomstig subartikel (1) parkeer of laat parkeer het, of toelaat dat dit gedoen word, moet die kaartjie wat ingevolge die bepalings van subartikel (2) aan hom uitgereik is, vir inspeksie-doeleindes toon wanneer 'n gemagtigde werknemer hom versoek om dit te doen.

(4) Daar bestaan 'n weerlegbare vermoede dat iemand van wie daar in subartikel (3) melding gemaak word, wat nie sy kaartjie toon wanneer hy kragtens genoemde subartikel versoek word om dit te doen nie, nie die geld waarvoor hy ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge aanspreeklik is, betaal het nie.

(5) Daar word aanvaar dat 'n parkeerbeheertoestel die parkeertermyn korrek geregistreer het, tensy en totdat die teendeel bewys is en die bewyslas rus op die persoon wat beweer dat die parkeerbeheertoestel die parkeertermyn foutief geregistreer het.

3. Indien 'n voertuig nie aan die einde van die parkeertermyn waarvoor die geld ooreenkomstig die tarief van gelde betaal is, uit 'n parkeerterrein verwyder word nie, moet 'n verdere geld vir die volgende parkeertermyn betaal word, tensy die parkeertermyn self op dié tydstip verstryk.

PARKERING NADAT PARKEERTERMYN VERSTRYK HET

4.(1) As 'n voertuig gedurende die tydperk tussen een parkeertermyn en die volgende een in of op 'n parkeerterrein gelaat word, moet 'n *bedrag gelykstaande met twee keer die minimum*geld wat vir 'n volle parkeertermyn by dié terrein gevorder word ten opsigte van elke sodanige tussentydperk betaal word, en daarbenewens moet die voorgeskrewe gelde ten opsigte van die tweede en enige daaropvolgende parkeertermyn tydens 'n gedeelte waarvan die voertuig in die parkeerterrein bly, betaal word.

(2) Niemand mag 'n voertuig uit of van 'n parkeerterrein verwyder voordat hy alle gelde wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) opgeloop het, betaal het nie.

MAANDKAARTJIES

5.(1) Ondanks enige strydige bepaling van hierdie verordeninge, kan die raad ten opsigte van enige parkeerterrein waar parkeerkaartjies *uitgereik word teen betaling van die geld voorgeskryf* ingevolge die tarief van gelde, om 'n kalendermaand lank of sodanige korter tydperk wat op die kaartjie aangegee word, 'n bepaalde voertuig op die tye wat op die kaartjie aangegee word, in of op dié terrein te parkeer, mits daar ruimte beskikbaar is, en sodanige kaartjie mag nie aan iemand anders oorgedra word nie.

(2) Die Raad kan aan enigeen van sy beamptes 'n kaartjie uitreik wat aan die houer daarvan die reg gee om wanneer hy 'n voertuig in die uitvoering van sy ampspligte gebruik, dié voertuig kosteloos in of op die parkeerterrein wat op die kaartjie aangegee word, te parkeer mits daar ruimte beskikbaar is.

(3) Die Raad het die reg om aan sy beamptes gratis parkering of parkering teen 'n verminderde tarief toe te staan, welke tarief per spesiale besluit van die Raad vasgestel word.

(4) Die houer van 'n kaartjie wat kragtens die bepalings van subartikels (1) tot (3) uitgereik is, moet dit op so 'n wyse en op so 'n plek aan die voertuig ten opsigte waarvan dit uitgereik is aanbring, dat die geskrewe of gedrukte inhoud daarvan duidelik van die buitekant van die voertuig af leesbaar is.

UITERMATE GROOT VOERTUIE

6.(1) Voertuie wat met 'n vrag daarop, langer as 6 m is, mag nie in of op 'n parkeerterrein geparkeer word nie, tensy die Raad by wyse van 'n kennisgewing wat by die ingang van die parkeerterrein aangebring is, anders bepaal.

(2) Indien die parkering van voertuie wat, *saam met 'n vrag daarop, langer as 6 m is*, by kennisgewing toegelaat word, is die parkeergeld twee keer die bedrag wat vir 'n gewone voertuig ingevolge die tarief van gelde voorgeskryf word, as genoemde totale lengte groter as 6 m maar nie groter as 7 m is nie, en drie keer sodanige bedrag as die totale lengte 7 m oorskry.

DEEL III

ALLERLEI

SLUITING VAN PARKEERTERREINE

7.(1) Ondanks enige strydige bepaling van hierdie verordeninge, kan die Raad te eniger tyd 'n parkeerterrein of 'n gedeelte daarvan tydelik of blywend sluit, en die Raad moet dié feit, asook die sluitingstydperk, by wyse van 'n kennisge*wing wat by die ingange van die terrein, of dié* gedeelte daarvan wat gesluit word, na gelang van die geval, aangebring moet word, bekend maak.

(2) Niemand mag, terwyl 'n parkeerterrein of 'n gedeelte daarvan ingevolge die bepalings van subartikel (1) gesluit is, 'n voertuig daarin inbring of daar parkeer of laat parkeer, of toelaat dat dit daar geparkeer word of daar staan nie.

AANSPREEKLIKHEID VIR OORTREDINGS

8. Indien 'n voertuig strydig met 'n bepaling van hierdie verordeninge geparkeer is, bestaan daar 'n weerlegbare vermoede dat dit aldus geparkeer is deur dié persoon wat in die register van die toepaslike registrasie-owerheid ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, as die eienaar daarvan aangegee word.

DEFEKTE VOERTUIE

9. Niemand mag 'n voertuig wat defek is of om een of ander rede nie kan loop nie, in of op 'n parkeerterrein vir die gebruik waarvan daar nie 'n geld soos in die tarief van gelde voorgeskryf word nie, parkeer of laat parkeer, of toelaat dat dit daar geparkeer word of daar staan nie: Met dien verstande dat, as 'n voertuig eers nadat dit in of op 'n parkeerterrein geparkeer is, meganies defek raak sodat dit nie kan loop nie, dit nie geag word dat die bepalings van hierdie artikel geskend is nie, mits die persoon in beheer van die voertuig bewys dat hy redelike stappe gedoen het om die voertuig so gou as moontlik te laat herstel of te laat verwyder.

GEDRAG IN OF OP PARKEERTERREINE

10.(1) Niemand mag in of op 'n parkeerterrein —

(a) 'n voertuig, uitgesonderd 'n voertuig wat by artikel 1 omskryf word, parkeer of laat parkeer of toelaat dat dit daar geparkeer word of daar staan nie;

(b) indien 'n gemagtigde werknemer hom gelas om sy juiste naam en adres volledig aan hom te verstrek, versuim of weier om dit te doen nie;

(c) 'n voertuig vir die vervoer van passasiers of goedere of passasiers sowel as goedere te huur aanbied, laat aanbied of toelaat dat dit aldus aangebied word nie;

(d) 'n voertuig of 'n gedeelte daarvan skoonmaak, was, of, uitgesonderd in 'n noodgeval, herstel of daaraan werk nie;

(e) 'n voertuig op nalatige of roekelose wyse of sonder redelike inagneming van die veiligheid of gerief van andere bestuur nie;

(f) vinniger as 10 km/h met 'n voertuig ry nie;

(g) 'n voertuig strydig met 'n kennisgewing of teken wat in of op die parkeerterrein aangebring is, of 'n opdrag of voorskrif van 'n gemagtigde werknemer, parkeer of dit deur 'n ander in- of uitgang as dié wat met hierdie doel aangewys is, daar inbring of daaruit wegneem nie;

(h) 'n voertuig op so 'n wyse parkeer of laai of toelaat dat dit so gelaai is dat dit die weg of beweging van ander voertuie of mense belemmer of versper, of dit waarskynlik kan doen nie;

(i) sonder redelike gronde of sonder die wete en toestemming van die eienaar of die persoon wat in wettige beheer van 'n voertuig is, in of op sodanige voertuig klim of die masjinerie daarvan aan die gang sit of hom op enige wyse met die masjinerie of met 'n ander deel van die voertuig of met die vaste of los toebehore of die inhoud van die voertuig, bemoei of daarmee peuter nie;

(j) behoudens die bepalings van artikel 6, 'n voertuig op so 'n wyse parkeer dat 'n gedeelte daarvan oor 'n wit streep wat 'n grens van 'n afgebakende ruimte uitmaak, uitsteek, of dat dit nie geheel en al binne die grense van so 'n ruimte staan nie;

(k) 'n kennisgewing, teken of merk wat die Raad aangebring het of enige ander besitting van die Raad verwyder, verberg of bedek, ontsier, beskadig of hom daarmee bemoei nie;

(l) iets doen of iets daar inbring wat mense en voertuie se beweging belemmer of waarskynlik sal belemmer nie;

(m) met die doel om die Raad te bedrieg, 'n kaartjie wat kragtens die bepalings van hierdie verordeninge uitgereik is, vervals, namaak, ontsier, skend, verander of 'n merk daarop maak nie;

(n) 'n ander muntstuk as wat by kennisgewing op of by 'n parkeerbeheertoestel voorgeskryf word, in sodanige toestel plaas of probeer plaas nie;

(o) aan 'n parkeerbeheertoestel peuter, dit beskadig, ontsier, daarop skryf of teken, of 'n strooibiljet, plakkaat, of 'n ander stuk daarop aanbring uitgesonderd 'n biljet, plakkaat, stuk, of advertensie wat uitdruklik deur die Raad vir die doel goedgekeur is.

(2) 'n Teken wat die Raad in of op 'n parkeerterrein aanbring en wat ooreenstem met 'n padverkeersteken wat in die regulasies wat die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, afgekondig het, voorgeskryf word, het vir die toepassing van hierdie verordeninge dieselfde betekenis as wat by genoemde regulasies daaraan geheg word.

(3) Niemand mag voor die aanvang of na die verstryking van die parkeertermyn wat ingevolge Bylae I hierby ten opsigte van 'n parkeerterrein voorgeskryf word, 'n voertuig in of op dié parkeerterrein parkeer, laat parkeer of toelaat dat dit gedoen word nie, tensy hy die houer is van 'n kaartjie wat ingevolge die bepalings van artikel 5 uitgereik is en wat aan hom die reg verleen om dit te doen.

BESKADIGING VAN VOERTUIE

11. Die Raad is nie aanspreeklik vir die verlies van 'n voertuig, of vir die onregmatige verwydering daarvan uit die parkeerterrein, of vir die beskadiging van 'n voertuig of die vaste of los toebehore of inhoud daarvan terwyl dit in of op 'n parkeerterrein staan nie, selfs al is die skade ook berokken omdat die voertuig ingevolge die bepalings van artikel 13 of 14 verskuif is.

GEMAGTIGDE PERSONE

12. Niemand mag, tensy die Raad hom daartoe gemagtig het, 'n parkeerterrein binnegaan of betree of daarin of daarop wees nie, uitgesonderd met die doel om 'n voertuig daarin of daarop te parkeer of om dit wettiglik daaruit te verwyder: Met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is op iemand wat met toestemming van die persoon in beheer van 'n voertuig 'n insittende in dié voertuig is nie.

BELEMMERING

13. Indien 'n voertuig so geparkeer is dat dit na die mening van 'n gemagtigde werknemer moontlik ander voertuie of persone se weg in of op die parkeerterrein kan belemmer of versper, kan dié werknemer dit na 'n ander deel van die terrein verskuif of laat verskuif.

VERLATE VOERTUIE

14.(1) 'n Voertuig wat sewe dae of langer aaneen op dieselfde plek in of op 'n parkeerterrein staan, kan deur of in opdrag van 'n gemagtigde werknemer na die Raad se skut geneem word.

(2) Die Raad moet alle redelike stappe doen om die eienaar van 'n voertuig wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) verwyder is, op te spoor en as die eienaar of iemand anders wat aanspraak op die besit van die voertuig het, nie binne negentig dae na die datum waarop die voertuig aldus verwyder is, opgespoor kan word nie, kan die voertuig behoudens die bepalings van subartikel (3) per openbare veiling verkoop word.

(3) Daar moet in minstens een Engelse en een Afrikaanse nuusblad wat in die munisipaliteit versprei word, veertien dae vooraf kennis gegee word van 'n veiling wat ingevolge die bepalings van subartikel (2) gehou gaan word, maar so 'n voertuig mag nie verkoop word nie as dit te eniger tyd voordat dit verkoop is, opgeëis word deur die eienaar of iemand wat deur hom daartoe gemagtig is of wat andersins wettiglik daarop geregtig is om dit op te eis, en as alle gelde wat ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge ten opsigte van die voertuig verskuldig is, en al die koste waarvan daar in subartikel (4) melding gemaak word, aan die Raad betaal is.

(4) Die opbrengs van 'n koop wat ingevolge die bepalings van hierdie artikel gesluit is, moet in die eerste plek aangewend word ter betaling van die gelde waarvan daar in subartikel (3) melding gemaak word, asook ter dekking van die volgende koste:

(a) Die koste wat aangegaan is in 'n poging om die eienaar ingevolge die bepalings van subartikel (2) op te spoor.

(b) Die koste daaraan verbonde om die voertuig te verwyder en om die veiling waarop dit verkoop word, te adverteer en te hou.

(c) Die koste daaraan verbonde om dit in die skut te hou, wat bereken word teen 50c per dag vir 'n maksimumtydperk van 120 dae.

(5) Die saldo van die opbrengs moet aan die eienaar van die voertuig of iemand wat dit wettiglik namens die eienaar kan ontvang en wat sy reg daartoe tot voldoening van die Raad bewys het, betaal word: Met dien verstande dat, as geen eis binne 'n jaar na die veilingsdatum aldus ingestel word nie, die saldo aan die Raad toeval.

(6) Die feit dat die Raad of iemand namens hom, die bevoegdhede wat by hierdie artikel aan die Raad verleen word, uitoefen, bring nie mee dat die Raad of dié persoon aanspreeklik is vir die verlies, diefstal of beskadiging van die voertuig of enige deel daarvan of enigiets daarin, of dat iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree het, die gevolge van sy oortreding kwytgeskeld word nie.

TOEGANG KAN BELET WORD

15.(1) 'n Behoorlik-gemagtigde werknemer kan na goeddunke weier om 'n voertuig wat met of sonder 'n vrag daarop, so lank, breed of hoog is, dat dit waarskynlik mense sal beseer, eiendom sal beskadig, die weg sal belemmer of onnodige ongerief sal veroorsaak, in of op 'n parkeerterrein toe te laat.

(2) Indien daar aan iemand in beheer van 'n voertuig ingevolge die bepalings van subartikel (1), toegang belet word, en hy desondanks nog in die parkeerterrein inry, begaan hy 'n misdryf.

STRAFBEPALING

16. Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of wat iemand anders belas of toelaat om dit te doen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100. Hy begaan voorts, ten aansien van elke dag of gedeelte daarvan wat dié oortreding voortduur, 'n afsonderlike misdryf en is weens elke misdryf soos voornoem strafbaar met 'n boete van hoogstens R50: Met dien verstande dat die totale boete vir so 'n voortdurende misdryf hoogstens R100 is, benewens die boete wat vir die oorspronklike misdryf opgelê is.

HERROEPING VAN VERORDENINGE

17. Die Parkeerterreinverordeninge van die Stadsraad van Witbank, afgekondig by Administrateurskennisgewing 839 gedateer 21 Mei 1975, soos gewysig, word hierby herroep.

BYLAE I

PARKEERTERREIN:

Burgersentrumparkeerterrein en alle ander parkeerterreine

PARKEERTERMYNE:

Dagparkering: Maandag tot Vrydag: 08:00 — 18:00
Saterdag: 08:00 — 13:00

LOCAL AUTHORITY NOTICE 627

TOWN COUNCIL OF ZEERUST

DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY CORRECTION NOTICE

Local Authority Notice 3018 published in Provincial Gazette 4702, dated 29 August 1990, is hereby corrected by the substitution in paragraph (2) for the figure "R25,71" where it appears for the second time of the figure "R27,38".

Municipal Offices
P O Box 92
Zeerust
2865
13 February 1991
Notice No. 1/1991

J C PIETERSE
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 627

STADSRAAD VAN ZEERUST

VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT

REGSTELLING

Plaaslike Bestuurskennisgewing 3018 gepubliseer in Provinsiale Koerant 4702, gedateer 29 Augustus 1990, word hierby gewysig deur in paragraaf (2) die syfer "R25,71" waar dit die tweede keer voorkom deur die syfer "R27,38" te vervang.

J C PIETERSE
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 92
Zeerust
2865
13 Februarie 1991
Kennisgeing No. 1/1991

13

LOCAL AUTHORITY NOTICE 628

TOWN COUNCIL OF WITBANK

DETERMINATION OF CHARGES IN RESPECT OF PARKING AREAS

In terms of the provisions of Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the Town Council of Witbank has by Special Resolution withdrawn the Charges in Respect of Parking Areas, published in Municipal Notice Number 29/1986 dated 17 September 1986, as amended, and determined the Charges in respect of Parking Areas as set out in the Schedule below with effect from 1 December 1990.

Administrative Centre
PO Box 3
Witbank
1035
13 February 1991
Notice No. 9/1991

J.H. PRETORIUS
Town Clerk

SCHEDULE

TOWN COUNCIL OF WITBANK

TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF PARKING AREAS CONTROLLED BY PARKING CONTROL DEVICE

	PARKING PERIODS		Charges for tickets issued in terms of section 5
	Day parking 08:00—18:00	Day Parking 08:00—13:00	
PARKING AREA	Monday to Friday	Saturday	Tickets shall be valid for parking periods set out in Schedule I of the Parking Areas By-laws. Area to be evacuated after expiry of parking period.
	Without right to return		

	First hour or part thereof	Thereafter per hour or part thereof	First hour or part thereof	Thereafter per hour or part thereof	Per month per vehicle
Civic Centre 1. Public:	20c	20c	20c	20c	R40,00
2. Employees of the Town Council of Witbank who do not use their private vehicles in the service of the Council	—	—	—	—	50 % off the tariff applicable to the public
Issue of Duplicate Monthly Parking Ticket: R5,00					
OK North Portion 1 Erf 4790	20c	20c	20c	20c	—
OK South Portion 2 ERF 4790	20c	20c	20c	20c	—
Medical Centre Erven 142, 143 & 144	20c	20c	20c	20c	R15,00
Erf 2502	20c	20c	20c	20c	—
All other mechanically controlled parking areas	10c	10c	10c	10c	—

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 628

STADSRAAD VAN WITBANK

VASSTELLING VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN PARKEER-TARIEWE

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Witbank by Spesiale Besluit die Gelde ten opsigte van Parkeerterreine afgekondig by Munisipale Kennisgewingnommer 29/1986 van 17 September 1986, soos gewysig, ingetrek het met ingang 1 Desember 1990 die Gelde ten opsigte van Parkeerterreine soos in die onderstaande Bylae uiteengesit, vasgestel het.

Administratiewe Sentrum
Posbus 3
Witbank
1035
13 Februarie 1991
Kennisgewing No. 9/1991

J.H. PRETORIUS
Stadsklerk

BYLAE

STADSRAAD VAN WITBANK

TARIEF VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN PARKEERTERREINE WAT DEUR PARKEERBEHEER-TOESTELLE GEREËL WORD

	PARKEERTERMYNE		Gelde vir kaartjies wat kragtens Artikel 5 uitgereik
	Dagparkering 08:00—18:00	Dagparkering 08:00—13:00	word
PARKEERTERREIN	Maandag tot Vrydag	Saterdag	Kaartjies is geldig vir die parkeertermyne in Bylae I van die Parkeerterreinverordeninge uiteengesit. Terrein moet ontruim word na verstryking van termyn.
	Met geen terugkeerreg		

	Eerste uur of gedeelte daarvan	Daarna per uur of gedeelte daarvan	Eerste uur of gedeelte daarvan	Daarna per uur of gedeelte daarvan	Per maand per voertuig
Burgersentrum 1. Publiek:	20c	20c	20c	20c	R40,00
2. Personeel van die Stadsraad van Witbank wat nie hulle privaat-voertuig vir Raadsdoeleindes gebruik nie:	—	—	—	—	50 % van die toepaslike tarief betaalbaar deur die publiek
Uitreiking van Duplikaatmaandparkeerkaartjie: R5,00					
OK Noord Ged. 1 Erf 4790	20c	20c	20c	20c	—
OK Suid Ged. 2 ERF 4790	20c	20c	20c	20c	—
Mediese Sentrum Erwe 142, 143 & 144	20c	20c	20c	20c	R15,00
Erf 2502	20c	20c	20c	20c	—
Alle ander mega-niese beheerde parkeerterreine	10c	10c	10c	10c	—

13

TENDERS

NB — Tenders previously published and where the closing dates have not yet passed, have not been repeated in this notice. Tenders are normally published 3-5 weeks before the closing date.

TENDERS

LW — Tenders wat voorheen gepubliseer is en waarvan die sluitingsdatum nog nie verstreke is nie, word nie in hierdie kennisgewing herhaal nie. Tenders word normaalweg 3-5 weke voor die sluitingsdatum gepubliseer.

TRANSVAAL PROVINCIAL ADMINISTRATION

TENDERS

As published on
13 February 1991

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE

TENDERS

Soos gepubliseer op
13 Februarie 1991

Tender		Description of Tender / Beskrywing van Tender	Closing Date / Sluitingsdatum
ITHA	39/91	Peripheral nerve stimulator: Baragwanath Hospital/Perifere senuweestimuleerder: Baragwanath-hospitaal	14/03/1991
ITHA	40/91	Dry-heat blood warmer: Baragwanath Hospital/Droëhitte-bloedverwarmer: Baragwanath-hospitaal	14/03/1991
ITHA	41/91	Infusion warmers: Far East Rand Hospital/Infusieverwarmers: Verre Oos-Randse Hospitaal	14/03/1991
ITHA	42/91	Fibre-optic laryngoscope set: J.D. Verster Hospital/Vesel-optiese laringoskoopstel: J.D. Verster-hospitaal	14/03/1991
ITHA	43/91	Microsurgical instruments: H.F. Verwoerd Hospital/Mikrochirurgiese instrumente: H.F. Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
ITHA	44/91	Venous occlusion clamp: H.F. Verwoerd Hospital/Veneuse okklusieklem: H.F. Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
ITHA	45/91	Ultrasonic lithotrite system: H.F. Verwoerd Hospital/Ultrasoniese litotrietstelsel: H.F. Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
ITHA	46/91	Instruments for endoscopic sinus surgery: H.F. Verwoerd Hospital/Instrumente vir endoskopiese sinuschirurgie: H.F. Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
ITHA	47/91	Pretransfusion warming unit: H.F. Verwoerd Hospital/Vooroortappingsverwarmingseenheid: H.F. Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
ITHA	48/91	Manual disinfector: H.F. Verwoerd Hospital/Handontsmetter: H.F. Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
ITHA	49/91	Transcutaneous pacemaker: H.F. Verwoerd Hospital/Transhuidpasaangeër: H.F. Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
ITHA	50/91	Dry-heat blood warmer: Johannesburg Hospital/Droëhitte-bloedverwarmer: Johannesburgse Hospitaal	14/03/1991
ITHD	231/90	Food Processor: Coronation Hospital/Voedselverwerker: Coronation-hospitaal	14/03/1991
ITHD	232/90	Food trolley: Middelburg Hospital/Kostrollie: Middelburgse Hospitaal	14/03/1991
ITHD	233/90	Pulley system: Tembisa Hospital/Katrolstelsel: Tembisa-hospitaal	14/03/1991
ITHD	234/90	Audio-visual projector: S G Lourens College of Nursing/Oudiovisuele projektor: S G Lourens-kollege van Verpleging	14/03/1991
ITHD	235/90	Laboratory balance: Ga-Rankuwa Hospital/Laboratoriumbalans: Ga-Rankuwa-hospitaal	14/03/1991
ITHD	236/90	Scrubbing machine/Polisher: Paardekraal Hospital/Skropmasjien/Poleerder: Paardekraal-hospitaal	14/03/1991
ITHD	237/90	Tilt table with accessories: Sebokeng Hospital/Kanteltafel met bybehore: Sebokengse Hospitaal	14/03/1991
ITHD	238/90	Food trolley: Witrand Care and Rehabilitation Centre/Kostrollie: Witrandse Sorg- en rehabilitasiesentrum	14/03/1991
ITHD	239/90	Food trolley: H F Verwoerd Hospital/Kostrollie: H F Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
ITHD	240/90	Dictaphone and transcribing machine: H F Verwoerd Hospital/Dikteer- en transkribeermasjien: H F Verwoerd-hospitaal	14/03/1991
Secretariat/ Sekretariaat	9/91	Electrical letter opener, Transvaal Provincial Administration (Law Administration)/Elektriese briefoopmaker, Transvaalse Provinsiale Administrasie (Wetsadministrasie)	13/03/1991
Secretariat/ Sekretariaat	10/91	Plastic carry-bags, Transvaal Provincial Administration, Library and Museum Services/Plastiek-drasakke, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Biblioteek- en Museumdiens	06/03/1991
Secretariat/ Sekretariaat	11/91	Air-compressor, Nature and Environmental Conservation — Atherstone/Lugkompressor met bybehore, Natuur- en Omgewingsbewaring—Atherstone	13/03/1991
Secretariat/ Sekretariaat	12/91	Welding machine with accessories, Nature and Environmental Conservation — Atherstone/Sweismasjien en bybehore, Natuur- en Omgewingsbewaring—Atherstone	13/03/1991

IMPORTANT NOTICES IN CONNECTION WITH TENDERS

1. The relative tender documents including the Transvaal Provincial Administrator's official tender forms, are obtainable on application form the relative addresses indicated below. Such documents and any tender contract conditions not embodied in the tender documents are also available for perusal at the said addresses.

Tender Ref	Postal address	Room No	Building	Floor	Phone Pretoria
ITHA	Executive Director of Hospital Services Branch, Private Bag X221, Pretoria	780 AI	Provincial Building	7	201-2654
ITHB and ITHC	Executive Director of Hospital Services Branch, Private Bag X221, Pretoria	782 AI	Provincial Building	7	201-4281
ITHD	Executive Director of Hospital Services Branch, Private Bag X221, Pretoria	781 A1	Provincial Building	7	201-4202
SECR.	Director-General (Purchases and Supplies), Private Bag X64, Pretoria	519	Old Poynton Building	5	201-2941
ITR	Executive Director, Transvaal Roads Branch, Private Bag X197, Pretoria	D307	Provincial Building	3	201-2618
ITWB	Chief Director, Chief Directorate of Works, Private Bag X228, Pretoria	E103	Provincial Building	1	201-2306
ITHW	Chief Director, Chief Directorate of Works, Private Bag X228, Pretoria	CM 5	Provincial Building	M	201-4388

2. The Administration is not bound to accept the lowest or any tender and reserves the right to accept a portion of a tender.

3. All tenders must be submitted on the Administration's official tender forms.

4. Each tender must be submitted in a separate sealed envelope addressed to the Deputy Director: Provisioning Administration Control, PO Box 1040, Pretoria, and must be clearly superscribed to show the tenderer's name and address, as well as the number, description and closing date of the tender. Tenders must be in the hands of the Deputy Director by 11h00 on the closing date.

5. If tenders are delivered by hand, they must be deposited in the tender box at the enquiry office in the foyer of the Provincial Building and the Pretorius Street main entrance (near Bosman Street corner), Pretoria, by 11h00 on the closing date.

C G D GROVÉ, Deputy Director: Provisioning Administration Control

6 February 1991

BELANGRIKE OPMERKINGS IN VERBAND MET TENDERS

1. Die betrokke tenderdokumente, met inbegrip van die amptelike tendervorms van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, is op aanvraag by die onderstaande adresse verkrygbaar. Sodanige dokumente as mede enige tender kontrakvoorwaardes wat nie in die tenderdokumente opgeneem is nie, is ook by die genoemde adresse ter insae beskikbaar.

Tender verwysing	Posadres	Kamer No	Gebou	Verdieping	Foon Pretoria
ITHA	Uitvoerende Direkteur: Tak Hospitaaldienste, Privaatsak X221, Pretoria	780 AI	Provinsiale Gebou	7	201-2654
ITHB en ITHC	Uitvoerende Direkteur: Tak Hospitaaldienste, Privaatsak X221, Pretoria	782 AI	Provinsiale Gebou	7	201-4281
ITHD	Uitvoerende Direkteur: Tak Hospitaaldienste, Privaatsak X221, Pretoria	781 A1	Provinsiale	7	201-4202
SEKR.	Direkteur-generaal (Aankope en Voorrade), Privaatsak X64, Pretoria	519	Ou Poynton Gebou	5	201-2941
ITR	Uitvoerende Direkteur: Tak Paaie, Privaatsak X197, Pretoria	D307	Provinsiale Gebou	3	201-2618
ITWB	Hoofdirekteur, Hoofdirektoraat Werke, Privaatsak X228, Pretoria	E103	Provinsiale Gebou	1	201-2306
ITHW	Hoofdirekteur, Hoofdirektoraat Werke, Privaatsak X228, Pretoria	CM 5	Provinsiale Gebou	M	201-4388

2. Die Administrasie is nie daartoe verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie en behou hom die reg voor om 'n gedeelte van 'n tender aan te neem.

3. Alle tenders moet op die amptelike tendervorms van die Administrasie voorgelê word.

4. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike verseëlde koevert ingedien word, geadresseer aan die Adjunk-direkteur: Voorsieningsadministrasiebeheer, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van die opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon, asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Inskrywings moet teen 11h00 op die sluitingsdatum, in die Adjunk-direkteur se hande wees.

5. Indien inskrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11h00 op die sluitingsdatum in die tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die Provinsiale Gebou by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.

C G D GROVÉ, Adjunk-Direkteur: Voorsieningsadministrasiebeheer.

6 Februarie 1991

CONTENTS

Administrator's Notices

74. District of Bronkhorstspruit: Increase in Width of the Road Reserve of Public and Provincial Road P36-1 711
75. District of Ellisras: Declaration of Access Road 713
76. District of Krugersdorp: Revoking of Status of Public and District Road 758 713
77. City Council of Soweto: Amendment of By-laws on Tariffs for Certain Services Rendered and for the Supply or use of Certain Facilities 715
78. Restructuring of the Lowveld Escarpment Regional Services Council 716
79. Mhluzi Extension 3: Declaration as Approved Township 716
80. Regorogile: Declaration as Approved Township 726
81. Regulations regarding the Provisions of Accommodation in certain Hostels and the Management and Control of such Accommodation 730
82. Kosmos Municipality: Alteration of Boundaries 731
83. Akasia Amendment Scheme 14 732
84. Rosslyn East Extension 1: Declaration as Approved Township 732
85. Woodmead Extension 15 Township: Declaration as Approved Township 734
86. Sandton Amendment Scheme 1613 736
87. Boksburg South Extension 6 Township: Declaration as Approved Township 737
88. Boksburg Amendment Scheme 1/538 738

General Notices

291. Rustenburg Amendment Scheme 186 738
313. Roodepoort Amendment Scheme 455 739
315. Edenvale Amendment Scheme 222 739
316. Notice of Draft Scheme: Pretoria Amendment Scheme 3658 740
317. Pretoria: Establishment of Township 740
318. Middelburg Amendment Scheme 188 741
319. Potgietersrus Amendment Scheme 63 742
320. Roodepoort Amendment Scheme 454 742
321. Johannesburg Amendment Scheme: Lot 2096, Houghton Estate 743
322. Johannesburg: Town-planning Scheme 1979 743
323. Klersdorp: Farm Elandsheuwel 402 IP 744
324. Roodepoort Amendment Scheme 456 744
325. Roodepoort Amendment Scheme 465 745
326. Springs Amendment Scheme 1/584 745
327. Springs Amendment Scheme 1/594 745
328. Delmas Amendment Scheme 20 746
329. Johannesburg Amendment Scheme 3324 746
330. Germiston Amendment Scheme 342 747
331. Roodepoort Amendment Scheme 443 747
332. Potchefstroom Amendment Scheme 316 748
333. Krugersdorp Amendment Scheme 276 748
334. Krugersdorp Amendment Scheme 277 749
335. Johannesburg Amendment Scheme 3323 749
336. Kempton Park Amendment Scheme 291 750
337. Pretoria Amendment Scheme 3560 750
341. Removal of Restrictions Act, 1967: Lot 2063, Houghton Estate 751
342. Messina Extension 1 Amendment Scheme 7 751
343. Removal of Restrictions Act, 1967: Erf 547, Waterkloof 752
344. Malelane Extension 1 Amendment Scheme 67 752
345. Removal of Restrictions Act, 1967: Portion 19, Farm Derdepoort 327 JR 752
346. Removal of Restrictions Act, 1967: Erven 52, 54, 56 Robertsham 752
347. Removal of Restrictions Act, 1967: Erf 7, Alan Manor 753
348. Removal of Restrictions Act, 1967: Erf 42, Spartan 753
349. Removal of Restrictions: Erven 1738 and 1740, Highlands North 753
350. Removal of Restrictions Act, 1967: Portion 3 of Erf 257, Westcliff 754
351. Lydenburg Amendment Scheme 29: Correction Notice 754
352. Christiana Amendment Scheme 15: Notice of Correction 754
353. Randburg Amendment Scheme 990: Erven 731 and 732, Fontainebleau 755
354. Removal of Restrictions Act, 1967: Erven 813 and 814, Parkwood 755
355. Removal of Restrictions Act, 1967: Lot 2072, Houghton Estate 755
356. Removal of Restrictions Act, 1967: Erf 3861, Johannesburg 756
357. Removal of Restrictions Act, 84 of 1967 756
358. Potchefstroom: Proposed Closing of Road 758
359. Pretoria: Proposed Closing of a Portion of Roper Street 758

INHOUD

Administrateurskennisgewings

74. Distrik Bronkhorstspruit: Vermeerdering van die Breedte van die Padreserwe van Openbare en Provinsiale Pad P36-1 711
75. Distrik Ellisras: Verklaring van toegangspad 713
76. Distrik Krugersdorp: Intrekking van status van Openbare en Distrikspad 758 713
77. Stadsraad van Soweto: Wysiging van verordeninge oor tariewe vir sekere dienste gelewer en vir die voorsiening of gebruik van sekere fasiliteite 715
78. Hersamestelling van die Laeveld Platorand Streeksdiensteraad 716
79. Mhluzi Uitbreiding 3: Verklaring tot goedgekeurde dorp 716
80. Regorogile: Verklaring tot goedgekeurde dorp 726
81. Regulasies betreffende die beskikbaarstelling van huisvesting in sekere tehuise en die bestuur en beheer van sodanige huisvesting 730
82. Munisipaliteit van Kosmos: Verandering van grense 731
83. Akasia-wysigingskema 14 732
84. Rosslyn-Oos Uitbreiding 1: Verklaring tot goedgekeurde dorp 732
85. Dorp Woodmead Uitbreiding 15: Verklaring tot goedgekeurde dorp 734
86. Sandton-wysigingskema 1613 736
87. Dorp Boksburg South Uitbreiding 6: Verklaring tot goedgekeurde dorp 737
88. Boksburg-wysigingskema 1/538 738

Algemene Kennisgewings

291. Rustenburg-wysigingskema 186 738
313. Roodepoort-wysigingskema 455 739
315. Edenvale-wysigingskema 222 739
316. Kennisgewing van Ontwerpskema: Pretoria 3658 740
317. Pretoria: Stigting van Dorp 740
318. Middelburg-wysigingskema 188 741
319. Potgietersrus-wysigingskema 63 742
320. Roodepoort-wysigingskema 454 742
321. Johannesburg-wysigingskema: Lot 2096, Dorp Houghton Estate 743
322. Johannesburg-dorpsbeplanningskema 1979 743
323. Klerksdorp: Plaas Elandsheuwel 402 IP 744
324. Roodepoort-wysigingskema 456 744
325. Roodepoort-wysigingskema 465 745
326. Springs-wysigingskema 1/584 745
327. Springs-wysigingskema 1/594 745
328. Delmas-wysigingskema 20 746
329. Johannesburg-wysigingskema 3325 746
330. Germiston-wysigingskema 342 747
331. Roodepoort-wysigingskema 443 747
332. Potchefstroom-wysigingskema 316 748
333. Krugersdorp-wysigingskema 276 748
334. Krugersdorp-wysigingskema 277 749
335. Johannesburg-wysigingskema 3323 749
336. Kempton Park-wysigingskema 291 750
337. Pretoria-wysigingskema 3560 750
341. Opheffing van Beperkings, 1967: Lot 2003, Houghton Estate 751
342. Messina Uitbreiding 1: Wysigingskema 7 751
343. Opheffing van Beperkings, 1967: Erf 547, Waterkloof 752
344. Malelane Uitbreiding 1: wysigingskema 67 752
345. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Gedeelte 19 plaas Derdepoort 387 JR 752
346. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Erwe 52, 54, 56, Robertsham 752
347. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Erf 1, Alan Manor 753
348. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Erf 42, Spartan 753
349. Opheffing van Beperkings: Erwe 1138 en 1740, Highlands North Extension 1 753
350. Opheffing van Beperkings, 1967: Gedeelte 3 van Erf 257, Westcliff 754
351. Lydenburg-wysigingskema 29: Regstellingskennisgewing 754
352. Christiana-wysigingskema 15: Verbeteringskennisgewing 754
353. Randburg-wysigingskema 990: Erwe 731 en 732, Fontainebleau 755
354. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Erwe 813 en 814, Parkwood 755
355. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Lot 2072, Houghton Estate 755
356. Wet op Opheffing van Beperkings, 1967: Erf 3861, Johannesburg 756
357. Wet op Opheffing van Beperkings, 84 van 1967 756
358. Potchefstroom: Voorgenome sluiting van straat 758

360. Pretoria: Amendment of the Deterination of Charges: Electricity ... 759
361. Pretoria: Proposed Closing of a Portion of the Lane adjacent to Erf 903, Eastwood ... 759
362. Sandton Amendment Scheme 1659 ... 760
363. Pretoria Amendment Scheme 3713 ... 760
364. *Nelspruit Amendment Scheme* 96 ... 761
365. Roodepoort Amendment Scheme 467 ... 761
366. Roodepoort Amendment Scheme 462 ... 762
367. Pretoria Amendment Scheme 1974 ... 762
368. Roodepoort: Notice of Draft Scheme ... 763
369. Roodepoort Amendment Scheme 439 ... 763
370. Boksburg Amendment Scheme 1/723 ... 764
371. Pretoria Region Amendment Scheme: Lyttelton ... 764
372. Pretoria Region Amendment Scheme: Lyttelton ... 765
373. Rustenburg Amendment Scheme 187 ... 765
374. Pretoria Amendment Scheme 3720 ... 766
375. Edenvale Amendment Scheme 216 ... 766
376. Sandton Amendment Scheme 1681 ... 767
377. Trichardt Amendment Scheme 18 ... 767
378. Johannesburg Amendment Scheme 3268 ... 768
379. *Pretoria Amendment Scheme: Murrayfield* ... 768
380. Randburg Amendment Scheme 1522 ... 769
381. Randburg Amendment Scheme 1505 ... 769
382. Roodepoort Amendment Scheme 461 ... 770
383. Springs Amendment Scheme 1/593 ... 770
384. Springs Amendment Scheme 1/598 ... 771
385. Pretoria Amendment Scheme 3702 ... 771
386. Germiston Amendment Scheme 325 ... 772
387. Alberton Amendment Scheme 551 ... 772
388. Alberton Amendment Scheme 550 ... 773
389. Randburg Amendment Scheme 1526 ... 773
390. Nelspruit Amendment Scheme 95 ... 774
391. Meyerton Town-planning Scheme 1986 ... 774
392. Vereeniging Town-planning Scheme 1 of 1956 ... 775
393. Sandton Amendment Scheme: Town-planning Scheme 1980 ... 775
394. Sandton Amendment Scheme 1631 ... 776
395. Johannesburg Amendment Scheme: Town-planning Scheme 1979 ... 776
396. Sandton Amendment Scheme 1683 ... 777
397. Klerksdorp: Notice of Draft Scheme ... 777
398. Klerksdorp Amendment Scheme 323 ... 778
399. Act No. 81 of 1988 ... 778

Notices by Local Authorities ... 781

Tenders ... 847

359. Pretoria: Voorgenome sluiting van 'n gedeelte van Roperstraat ... 758
360. Pretoria: Wysiging van vasstelling van gelde: Elektrisiteit ... 759
361. Pretoria: Voorgenome sluiting van 'n gedeelte van die steeg aangrensend aan Erf 903, Eastwood ... 759
362. Sandton-wysigingskema 1659 ... 760
363. Pretoria-wysigingskema 3713 ... 760
364. Nelspruit-wysigingskema 96 ... 761
365. Roodepoort-wysigingskema 467 ... 761
366. Roodepoort-wysigingskema 462 ... 762
367. Pretoria-wysigingskema 1974 ... 762
368. Roodepoort: Kennisgewing van ontwerpskema ... 763
369. Roodepoort-wysigingskema 439 ... 763
370. Boksburg-wysigingskema 1/723 ... 764
371. Pretoriastreek-wysigingskema, Lyttelton ... 764
372. Pretoriastreek-wysigingskema, Lyttelton ... 765
373. Rustenburg-wysigingskema 187 ... 765
374. Pretoria-wysigingskema 3720 ... 766
375. Edenvale-wysigingskema 216 ... 766
376. Sandton-wysigingskema 1681 ... 767
377. Trichardt-wysigingskema 18 ... 767
378. Johannesburg-wysigingskema 3268 ... 768
379. Pretoria-wysigingskema, Murrayfield ... 768
380. Randburg-wysigingskema 1522 ... 769
381. Randburg-wysigingskema 1505 ... 769
382. Roodepoort-wysigingskema 461 ... 770
383. Springs-wysigingskema 1/593 ... 770
384. Springs-wysigingskema 1/598 ... 771
385. Pretoria-wysigingskema 3702 ... 771
386. Germiston-wysigingskema 325 ... 772
387. Alberton-wysigingskema 551 ... 772
388. Alberton-wysigingskema 550 ... 773
389. Randburg-wysigingskema 1526 ... 773
390. Nelspruit-wysigingskema 95 ... 774
391. Meyerton-dorpsbeplanningskema 1986 ... 774
392. Vereeniging-dorpsbeplanningskema 1 van 1956 ... 775
393. Sandton-wysigingskema 1980 ... 775
394. Sandton-wysigingskema 1631 ... 776
395. Johannesburg-wysigingskema: Dorpsbeplanningskema 1979 ... 776
396. Sandton-wysigingskema 1683 ... 777
397. Klerksdorp: Kennisgewing van Ontwerpskema ... 777
398. Klerksdorp-wysigingskema 323 ... 778
399. Wet No 81 van 1988 ... 778

Plaaslike Bestuurskennisgewing ... 781

Tenders ... 847

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta by Aurora Printers, 161 Mitchell Street, Pretoria West.

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta deur Aurora Drukpers, Mitchellstraat 161, Pretoria-Wes.